

Vrye Weekblad

9 - 15 OKTOBER 1992 • R3,00 (BTW INGESLUIT)

Bop: the last stand for Rhodes and securocrats

Wit Wolf is Rapport
se nuwe held

Die Boere trek terug
Maputo toe

The real Harry Gwala

LOSSIDY:
groteske monument vir Sol se ego



INHOUD N^o 195

9 - 16 Oktober 1992

5 Bop's Bwanas and Bossboys...

The whites who share Lucas Mangope's pumpkin patch - and his paranoid fear of democracy

8 - 11 Die ANC en Inkatha in Natal leef in twee verskillende wêreldes. **HENNIE SERFONTEIN** praat met Mangosuthu Buthelezi en Harry Gwala

17 & 18 The Vaalies may be brash - but their money is welcome in Mozambique, where the economy is slowly coming back to life in spite of the ravages of a long civil war



19 -21 Dames en liewe here, die Lossidy! **PEARLIE JOUBERT** oor die Man, die Droom en die Legende in Bophuthawatsenaam

36 & 37 Roland Joffé: in the missionary position with City of Joy



Van die Redakteur se lessenaar

TWEE van ons lesers het nou al gekla oor die ydelike gebruik van God se naam in *Vrye Weekblad*. Dit beteken waarskynlik dat daar heelwat ander lesers is wat ook so voel.

Lesers moes seker al agtergekom het VWB is nie jou common or garden Afrikaanse koerant nie. Ons sê goed soos dit is; ons gee 'n stem aan mense wat verswyg word; ons probeer alle menings weerspieël; ons beskerm nie ons lesers van die werklikhede nie.

As ons dus 'n onderhoud met iemand voer, pas ons ook nie sensuur toe nie. Lesers het die reg om te weet wat die mens gesê het en hoe hy/sy dit gesê het. Dit is die enigste geval waar ons kragwoorde of die gebruik van God se naam toelaat.

Maar ons is sensitief vir lesers se sensitiwiteit. Daarom onderneem ons nou om voortaan versigtiger te wees en dié woorde net toe te laat as dit werklik belangrik is vir die konteks en inhoud van 'n artikel.

Op 'n ander noot: Ons verwelkom 'n nuwe kollega op die redaksie dié week: Wally Mbhele.

AKTUEEL

6 Die ondersoek na die Webster-moord begin Maandag

7 Die week se politiek in oënskou

INTERNATIONAL

16 Angolese droom aan flarde

18 Mosambiek staan op uit die puin

MENSE

13 Antoni Gildenhuys: die man wat almal moet paai

14 SA se leiers: Pierre Cronjé, die grassrootsman

15 Phillip Dexter oor die Nehawu-staking

DEBAT

24 Bly weg van vuilspel, sê Henk van de Graaf oor die media

25 Max du Preez takel Rapport oor hul Wit Wolf-held

GESKIEDENIS

26 & 27 Paul Kruger: die tragiese korrelkop

FIKSIE & BOEKE

28 Stubby Hands by Etienne van Heerden

29 Vergeet van die Groot Vyf

Die eerste Afrikaanse tesourus

RUBRIEKE & MENINGS

3 Vrydagoggend

4 Briewe van ons lesers

12 Bittergal

24 Tim Sandham se Sportrubriek

30 Plant 'n Boom & Nettie Pikeur

31 Christi speel Pop

33 El mari Rautenbach oor dié week se TV

KUNS & VERMAAK

22 & 23 Sarafinal The Movie: 'n droom wat nie heeltemal waar geword het nie

34 The Civic: looking a gift horse in the mouth

35 Robert Altman makes a playful comeback

GIDSE

38 & 39 Watter movie wys waar

40 Vrye keuse

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/4016806).

WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:

Breestraat 153, Newtown, Johannesburg.

POSADRES: Posbus 177, Newtown 2113.

TELEFOON: (011) 836-2151

FAKS: 838-5901.

PRETORIA-KANTOOR (012) 83-4879.

REDAKTEUR: Max du Preez

ASSISTENT-REDAKTEURS: Andrea Vinassa,

Ina van der Linde, Ivor Powell

POLITIEKE KORRESPONDENT: Hennie Serfontein

SUB-REDAKTEUR: Ryk Hattingh

KOPIEREDAKTEUR: Johannes Bruwer

ONTWERP: Anton Sassenberg

VERSLAGGEWERS: Christelle Terreblanche, Pearlle Joubert, Esma Anderson, Wally Mbhele

REDAKSE-ASSISTENT: Christi van der Westhuizen

FOTOREDAKTEUR: Sally Shorkend

FINANSIËLE BESTUURDER: Mark Beare

BESTUURDER (BEMARKING EN ADVERTENSIES): Lize van der Walt

ASSISTENT FINANSIËLE BESTUURDER: Louwrens Potgieter

ONTVANGS: Irene Zulu

KANTOOR-ASSISTENTE: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu

so sê hulle

"Jy kan nie 'n boek selektief toemaak nie, want alle Suid-Afrikaners is deel van die bladsye in die boek. Wanneer jy die boek toemaak, moet dit op 'n wyse wees wat regverdig is teenoor almal."

STAATSPRESIDENT FW DE KLERK in *Gazankulu oor die kwessie van 'n algemene politieke amnestie.*

"Government was intended to suppress injustice, but its effect has been to embody and perpetuate it."

WILLIAM GODWIN (1756-1836) *English political theorist and author in 1773 in Enquiry Concerning Political Justice*

"Ek het nie gemoor uit haat vir die vyand nie, maar uit liefde vir my volk. My slagoffers was ook nie onskuldige mense nie. Dit was mense wat van dag tot dag probeer om my land oor te neem."

BAREND HENDRIK STRYDOM, *die slagter van Strijdomplein, pas na sy onlangse vrylating*

"Everybody keeps saying there's no government in Somalia. I'm not sure that's a bad thing, when you look at some of the predatory clowns in power around Africa."

RAKIYA OMAAR, *executive director of the human-rights group Africa Watch, on her home country's descent into anarchy.*

"Sixty years of progress, without change."
A slogan used by Saudi Arabia to promote the kingdom's 60th anniversary



Okay, my murderer equals your necklace killer
(Sunday Times, October 4, 1992)

het jy geweet?

Omdat sondes met die tye verander, het die Vatikaan pas die Rooms-Katolieke Kerk se lys sondes hersien. In 'n kategismus wat aanstaande maand uitgegee sal word, word onder meer die volgende "nuwe" sondes gelys: belasting-ontduiking, dwelmhandel, die aanvaarding van omkoopgeld, geldbedrog, en die bestuur van 'n motor of 'n vliegtuig as jy dronk is. Sommige dade is ook van die sonde-lys geskrap: deelname aan 'n regverdige oorlog en die verontagsaming van onregverdige wette.

Japan het 'n Koreaanse professor vandeemaand toestemming gegee om 20 000 Koreaanse neuse in Japan te kom opgrawe. Die neuse van gesneuwelde Koreaanse soldate is tydens Japan se inval van Korea in 1957 afgesny om te bewys hulle is dood - in opdrag van die Japanse shogun Hideyoshi Toyotomi. Die neuse, wat in Japan begrawe is, sal nou in Korea herbegrawe word.

vrydagoggend

met max du preez



Daar is 'n nuwe struggle

DIT gaan nie veel beteken nie as ons ná al die bloed, swaarkry en gesukkel uiteindelik 'n vreedsame demokrasie in Suid-Afrika tot stand gaan bring en in die jare wat dié proses geneem het, het ons toegelaat dat ons land só besoedel en besmet is en die ekologiese balanse só versteur is dat ons lewensgehalte ernstig aangetas is.

Dit neem heelwat langer om 'n land skoon te kry en natuurlike balanse te herstel as wat dit neem om dit te bevuil en te versteur.

Suid-Afrikaners is só behep met ras- en magpolitiek dat daar heelwat fasette van ons nasionale lewe is wat verwaarloos word. Die ekologie is bo-aan dié lys.

Daar is ook 'n valse gerustheid in Suid-Afrika dat ons omgewing nog veilig is omdat ons land relatief groot is en nie so dig bevolk is as baie ander lande nie. Omgewingsbewustheid hier meer as elders word beskou as die luukse van rykes en wit lefties wat niks beter het om te doen nie.

Dié vlakke van apatie is gevaarlik noudat lug- en waterbesoedeling deur roekelose nywerhede en 'n minagting vir die omgewing met die verswakking in die ekonomie nuwe hoogtes bereik.

DIE APATIE IS duidelik gedemonstreer tydens verlede week se chemiese brand en ernstige besoedeling by Midrand tussen Johannesburg en Pretoria, en die chemiese brand enkele dae later by 'n aanleg in Natal. Behalwe die plaaslike inwoners wat regstreeks daardeur geraak is en wat hul misnoeë aan die media te kenne gegee het, was daar byna geen reaksie nie.

Die politici was ook tjoepstil. 'n Mens sou verwag het dat die minister van Omgewingsake die saak dadelik in die openbaar opgeneem het en dat opposisiepolitici dadelik op optrede sou aandrang.

Maar dit is al lankal duidelik dat Louis Pienaar 'n totaal onbevoegde minister is wat party- en sakebelange veel hoër ag as die omgewing. Hy is doodgewoon 'n Broederbond-apparatchik wat met 'n "minder belangrike" portefeulje beloon is.

Die huidige regering en hul voorgangers se rekord sover dit die omgewing aangaan, is krimineel.

Dié week het die minister van Justisie, Kobie Coetsee, met tipiese kragdadigheid aangekondig dat 'n wet binnekort aangeneem gaan word wat dobbelary buite die tuislande verbied. Maar daar bestaan geen wet nie, en sover ons weet word daar ook nie een voorberei nie, om maatskappye wat met gevaarlike chemiese stowwe werk, aan minimum-regulasies te onderwerp nie. In die algemeen is die wette wat gebruik kan word om die omgewing te beskerm, hopeloos onvoldoende en uitgedien.

Elke kort-kort, byvoorbeeld, word die riviere en strome in Oos-Transvaal en Natal deur stortings van veral houtpulp- en papierfabrieke vergiftig. In die meeste gevalle is daar nie eens vervolgings nie, en as daar is, loop dit uit op boetes van 'n paar duisend rand wat dié groot maatskappye met 'n glimlag uit die gatsak betaal.

MAAR ANDER POLITICI vaar nie veel beter in hul openbare verbintenis tot 'n skoon en gesonde omgewing nie. Die ANC het 'n vae beleid op papier, maar doen nie veel aan openbare opvoeding nie en neem selde of ooit sterk standpunt in. Die PAC is veel erger: hulle beskou omgewingsbewustheid as 'n luukse vir ryk wit setlaars en nie iets wat die "Afrikane" raak nie.

Chemiese brande en ontploffings is maar die een tydbom wat op ons wag. Deur die laksheid - en korrupsie? - van die verskillende vlakke van regering is daar chemiese aanlegte en fabriek binne dig-bevolkte gebiede in elke stedelike gebied in Suid-Afrika - in Sandton alleen is daar meer as sestig. Daar is geen register van waarmee hulle werk en wat hulle doen nie en daar is geen manier om hulle te beheer nie.

Gaan ons werklik wag tot daar 'n klomp mense sterf of 'n hele woongebied se mense vergiftig word voor daar daadwerklik opgetree word?

As gewone Suid-Afrikaners maar net kan besef dat omgewingsbewustheid nie 'n luukse of die taak van die owerhede en politieke leiers is nie, maar dat dit in alle burgers, hoe arm of hoe ryk, van watter klas, kleur of oortuiging ook al, se eie belang is om te sorg dat hul omgewing skoon en versorg bly sodat hul eie lewens en dié van hul gesinne die moeite werd bly.

Dit is duidelik dat die huidige regering - en heel waarskynlik ook die volgende een - nie die bewaring van die omgewing hoog op die lys van prioriteite het nie.

Massa-aksie deur gewone burgers is waarskynlik die enigste doeltreffende wapen om 'n kentering af te dwing, maar met die huidige traak-my-nie-agtigheid is dit onwaarskynlik dat dit gou gaan gebeur.

Dit is dus die taak van die paar duisend mense in die land wat sterk genoeg voel oor die omgewing om meer energie daaraan te bestee om die publiek bewus te maak en te mobiliseer.

IN BAIE LANDE, veral in die Weste, het die eko-aktiviste strategies dom opgetree deur nie sensitief te wees of met genoeg begrip op te tree vir hoe plaaslike omstandighede beïnvloed kan word en werksgeleenthede aangetas kan word deur nuwe omgewingsmaatreëls nie. Eko-groepe is ook geneig om elitisties en ontoeganklik vir die gewone mense te wees. Dié aanklagte kan ook tot Suid-Afrika se handjievol groen aktiviste gerig word.

Dit beteken nie dat daar "sagter" opgetree moet word nie, net meer takties en met groter inagneming van plaaslike omstandighede en houdings.

Maar 'n mobilisering van groot getalle van die publiek is 'n langsame proses. Daarom is dit so belangrik dat diegene wat reeds besef wat om ons aan die gebeur is, nou bereid moet wees om meer op te offer en vir 'n tyd lank alleen die las te dra.

Die bewaring van ons omgewing is inderdaad die nuwe "struggle", en 'n ewe belangrike een as die een om die demokrasie. Dalk selfs belangriker, want 'n despoot kan jy uitskop en menseregte kan jy herstel, maar skade aan die planeet is meestal blywend.

En uiteindelik kan dié struggle ook metodes vereis wat 'n mens normaalweg sou wou afkeur.

BRIEWE



Een van die foto's in verlede Sondag se Rapport

UITERS GEVAARLIKE JOERNALISTIEK

LOURENS SNYMAN VAN HONEYDEW, JOHANNESBURG, SKRYF:

Rapport het myns insiens sy eksklusiewe regte op die Barend Strydom-verhaal uitgebuut vir sensasionele doeleindes. Weinig ag is geslaan op die morele aspekte van die aangeleentheid. Die verantwoordelikheid van balans handhaaf wat met die koerant se alleenreg op die verhaal gepaard gaan, is verontagsaam.

Rapport het verkies om Strydom op sy woord te neem en hom te skets as held en vryheidsvegter, 'n onverantwoordelike houding wat geweld verheerlik.

Die volgende aspekte van hul beriggewing kan uitgelig word:

- Onder die opskrif "Vrygelate Strydom praat reguit" word Strydom 'n podium gebied om sy ver-regse opinies te lug. Dit is onaantvaarbaar, gesien die metode wat Strydom gebruik het om in die media se fokus te kom. Ondersteun Rapport by implikasie dié soort politiek?

- Die feit dat weinig aandag gewy word aan Strydom se slagoffers. Daarenteen is die slagoffers van McBride egter die tema van die enigste berig oor McBride in genoemde uitgawe van Rapport (bl 2). Daar is ook geen poging om Strydom gebalanseerd uit te beeld deur aandag te skenk aan sy slagoffers nie. Selfs in die artikel "Met sy pistool 22 afgemaai" (bl 13) word sy slagoffers slegs genoem as elemente van Strydom se slagtog.

- Die legitimerende effek van die artikels maak 'n morele nietigheid van 'n hoogs kontroversiële saak. Tot 'n groot mate maak die artikels lig van Strydom se daede eerder oormatig te

fokuseer op sy persoonlike lewe (bv die artikel op bl 13 onder die opskrif "Hy spog, sy bloos na die eerste nag"). In werklikheid het die verslaggewer geen poging aangewend om Strydom se persoonlikheid en motiewe uit ander perspektiewe soos sy jeugvriende, kollegas, ens te ondersoek nie. Veral in die konteks van Rapport se alleenreg op die verhaal, is wat nié van Strydom gesê word nie van net so 'n groot belang. Hier het ons eerder te make met die bewuste skepping van 'n heldefiguur deur weglatings en ongebalanseerde fokusse. (Vergelyk in dié verband ook die foto's van Strydom met hond en Strydom met tjop.)

- Die klem op persoonlikheid/heldevererende aspekte. Deur Strydom te skets as 'n man met vaste beginsels: Hoofopskrif: "Hy bly nog wolf!" en "Die Wit Wolf is vry. Maar nog lank nie mak nie." Laasgenoemde is 'n ambivalente stelling wat herhaal word as byskrif tot 'n foto van Strydom en sy vrou. Strydom "... se grys oë knip-knip steeds onder die kameraflitse" - die aanhaling dra botone van Strydom as die mediaheld wat hom moet wend tot 'n "stil wegkruipplek". Die situasie wat aangebied word is een van misplaaste intrige waar "n ander nuusman my storie wil steel".

- Strydom se tydperk in die gevangenis word in die lig van ontbering en weerhouding van liefde gestel: "Na soveel jare en maande en dae van skeiding kon die Wit Wolf vandeeweek sy bruid uiteindelik behoorlik omhels." Die sogenaamde "gegis en geskinder" oor wat "die wittebrood voorafgegaan het" versag Strydom se daede en die gevolge daarvan as seepkissie-melodrama. Hierdie aanhalings het myns insiens ten doel om 'n identifikasie en simpatie met Strydom by die leser te wek.

- 'n Ander opskrif: "Dit is nie maklik om die man te 'lees' nie" - is 'n stelling wat Strydom in misterie hul. In die lig van bogenoemde teken ek sterk beswaar aan teen die toon van die Rapport-artikels en foto's. Die manier waarop Strydom as 'n soort romantiese held van die volk aangebied is, gee aanstoot en is uiters gevaarlik in ons tyd van onsekerheid en morele krisis. Dié sensitiewe aangeleentheid het verantwoordelike verslaggewing van die hoogste orde verlang, wat beslis nie die geval was nie. (Snyman het dié brief ook aan die Meditaraad gestuur)

DIÉ VRYLATING STINK

MARC VAN PRETORIA SKRYF:

Na aanleiding van die onlangse vrylating van Barend Strydom wil ek graag my opinie oor die saak lug.

Eerstens wil ek sê - dit stink! Hoe kan 'n mens 'n moordenaar vrylaat?

Op so 'n manier kan vrede mos nooit in ons land heers nie.

"Politieke gevangene" raak nou rêrig 'n flou verskoning, veral in die geval van Strydom. Ek stem definitief nie saam dat enige van die "politieke gevangenes" vrygelaat moet word nie. Maar daar is 'n verskil tussen "opdrag"-moord soos in die geval van McBride en "agt mense koelbloedig doodskiet"-moord van Strydom.

Nou verdien hy en sy vrou tjie Karen nog geld deur eksklusiewe publisiteit. Dis belaglik!

Ons sal nooit in harmonie kan saamleef in dié land as daar mense soos Barend Strydom op vrye voet rondloop nie. Ons almal het die kans om net een keer te leef en dit hoef nie onnodig deur 'n "Wit Wolf" bederf te word nie.

Ek ondersteun onderhandelinge en veranderings in die nuwe Suid-Afrika, maar die vrylating van moordenaars... Nee, jiss!

BELANGRIKE GEVOLG

THEO MEYER VAN ELARDUSPARK, PRETORIA SKRYF:

Ek wil ook my stem voeg by dié van Elsa van der Watt van Bloemfontein en beswaar maak oor die misbruik van die naam van die Here in sekere van julle artikels. Julle moet onthou dat, behalwe dat dit vir ons ouens wat glo aanstoot gee, daar ook 'n ander belangrike gevolg is wat vir ons aangeteken is in die Woord van God in Eksodus 20:7 en wat as volg lees: "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat Sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie."

LEADERS, BE SERIOUS

COMMISSIONER ROY OLCBERS, TERRITORIAL COMMANDER OF THE SALVATION ARMY, OF BRAAMFONTEIN WRITES:

Once again our country has been stunned by the senseless and needless deaths of its people, this time at Bisho. This tragedy is just another episode in the ongoing violence being repeated with agonising frequency across the country.

The question uppermost in people's minds is, "How much longer must innocent men, women and children suffer before the political leaders of this great nation take positive action in developing a true democracy?"

The credibility of all parties has been severely dented and public trust and confidence eroded to an alarming degree.

For God's sake, for this country's sake, for our children and grandchildren's sake, The Salvation Army calls upon all leaders to be serious about negotiation and reconciliation, so that

we can look forward to a peaceful existence and a prosperous future.

IEMAND HET GELEER

A MARITZ VAN KEMPTONPARK SKRYF:

Baie is al gesê oor wat in Bisho gebeur het en baie gaan nog gesê word. In die pers is ellelange relase gelewer oor hoe die "Bloedbad" voorkom kon gewees het.

My pa het altyd gesê: "As jy nie wil hoor nie, moet jy voel." As kind en selfs nou hou ek nie baie van die stukkie lewenswysheid nie, maar dit lyk tog of dit waar is en werk.

Voor Bisho was die "mass actioners" se uitsprake: "Ons gaan Bisho beset met die doel om die regering omver te werp."

Die "mass actioners" wou nie hoor nie.

Na Bisho is hulle uitsprake: "Ons gaan Ulundi betrek met die doel om ons demokratiese reg tot protes uit te oefen."

Dit lyk my of iemand dalk gevoel én geleer het.

KRITIEK TEEN MODEL C-SKOLE

GEFRUSTREERDE ONDERWYSER VAN PORT ELIZABETH SKRYF:

Die verpligte heffing van R600 (en meer) in model C-skole is na my mening 'n poging deur die blanke onderwys om te verhoed dat swart leerlinge nie die wit skole "oorstroom" nie.

Intussen krimp die blanke leerlingtal vinnig en onderwysers verloor as gevolg daarvan hulle werk. Daarom doen die blanke skole alles in hul vermoë om wit leerlinge te trek en te behou. Deesdae word leerlinge met ernstige gedrag-safwykinge of wat nie oor die intellektuele vermoë beskik om in 'n gewone skool aan te pas nie, eenvoudig aangehou. Die gevolg is al hoe meer lui, arrogante, bedorwe, dom, rassistiese leerlinge met boefagtige neigings (dieselfde kenmerke wat al so eie aan ons samelewing is). Die onderwyser het nie meer die mag om teen sulke blatante boewery op te tree nie. Om op te tree is "sleg vir besigheid". Om dié leerlinge te akkommodeer is die slaagvereiste vir vakke van 33,5 na 25 persent verlaag! Om te druipe word al moeiliker.

Om hulle skole te bemark, nooi blanke hoërskoolhoofde deesdae hul eweknieë in die laerskool na hul skole uit. Hoeveel nooi egter swart of bruin skoolhoofde en leerlinge uit? Sal die getalle-probleem en die afdanking van wit onderwysers nie gestuit word indien sterk bruin en swart kandidate gewerf word nie? Dis 'n gesonde vryemark-beginsel en voormalige wit skole sal juig, want die huidige chaos sal beëindig word en standarde sal styg.

Briewe korter as 300 woorde geniet voorkeur.

Rig briewe aan:
Die Brieweredakteur VWB
Posbus 177 Newtown 2113

BOP: BETWEEN THE BOSSBOYS AND THE BWANAS

For a 'black' homeland Bop has a whole lot of whites running the show. Some are Rhodesians, some South Africans, but all seem to be trying to recreate the Lost City of the old South Africa, write IVOR POWELL and WALLY MBHELE

THERE is a certain drama and a certain pathos in the way the Bophuthatswana authorities are closing ranks and drawing up the laager in the face of ANC mass action threats in the territory.

Bop might nominally be a black homeland; but on one level it looks a lot like the last stand of the white colonialists against the rising tide of African independence.

Some are Rhodesian, some are South African, some are oldstyle PW Botha securocrats. They are united only by their fear of and resistance to democracy - and of course by the pacts they have made with the arch-authoritarian tribal chief who heads up the "independent" homeland, President Lucas Mangope.

Heading up the ex-Rhodesian contingent in the homeland is Defence Minister Rowan Cronjé, former member of Ian Smith's UDI cabinet, former cabinet minister in sister homeland Ciskei, and, curiously enough, brother-in-law to Conservative Party deputy leader, Ferdi Hartzenberg. Hartzenberg emerged as a key player in the improbable alliance set up this week between Kwa Zulu, Bop and Ciskei on one hand and the white racist homeland groupings on the other.

Cronjé, who left Zimbabwe in the early 1980s reportedly unwilling to live under the "communist" government of Robert Mugabe, holds a number of key positions in the authority structures of Bop. He is head of the cabinet Committee on Security, Defence and Agriculture. He is in charge of the system of regional governance which pertains in Bop. He is Minister of Civil Aviation and of State Affairs.

Other ex-Rhodesians who either hold or have held key positions in the black homeland's official hierarchy include:

- Lesley Young, former Finance Minister
- Dick Knowles, chief of intelligence
- Brigadier "Fats" Waller, Deputy Police Commissioner
- Colonel Dave George, police public relations head
- Advocate Chris Milton, Ombudsman
- Charles Waddington, Supreme Court judge
- David Nunns, managing director Bophuthatswana Electricity Corporation
- Iain Findley, director of Bop's European publicity operation.

TOGETHER WITH Cronjé, Mangope and some equally questionable South Africans, they have presided over a civil service distinguished more by its nepotistic excesses than by its efficiency.

For example, according to the journal *SouthScan* more than R200 million was recently frittered away on a huge coal-fired power station, built by Italian contractors, and overseen by the Bop Electric-

ity Commission, which has, as far as VWB been able to determine, never been used. Escom, the South African energy giant, still provides more power than can be used within the entire Southern African context. Unless Bop does decide to secede from the future South Africa, it will in all probability continue to remain redundant until it becomes obsolete.

Equally dubious - though at this point more a historical curiosity than an immediate scandal - was the construction of Mmabatho's Independence Stadium, the contract for which was awarded to an Israeli company headed by Shabatai Kalmanowitz, who later, ironically, turned out to be a KGB spy. The award was allegedly connected to close links between the Bop security forces and covert arms of the Israeli military, whose instructors, it is believed, continue to be involved in training the Bop Defence Force.

The stadium recently required a R2 million repair job to prevent it from being condemned as unsafe.

In the last two years an ongoing scandal has continued to simmer around various agricultural projects within the territory, all of which fall under Cronjé's cabinet committee. It is some measure of the weirdness of these operations, that three of the agricultural parastatals, Agricor, the Marketing Board and the Agricultural Bank, were last year exposed as swallowing more money than is generated by the entire agricultural sector. All are top-heavy with white managers. And one of the key whites involved is Department of Agriculture legal advisor, former prominent National Party politician Hennie van der Walt, who headed the SA government's homeland boundaries commission, and was later disgraced in corruption scandals. He took up his legal posting only weeks after being released from prison after serving one fifth of a ten year sentence for R1 million fraud.

One of Agricor's recent projects, a subsidiary producing battery chickens, swallowed more than R100 million before managing to record a R1 million loss in its first month of operation.

Agricor was also exposed as dispatching a trained and government-paid agronomist to supervise the planting and pruning fruit trees on a farm owned by Mangope's son, Kwena.

By contrast towards the end of last year, one of the few viable agricultural projects in Bop was summarily closed down. The Thusano Foundation, which was involved in a number of profitable self-help schemes and in low-cost rural education, allegedly fell foul of the authorities, when Thusano Director Colin Campion refused to allow the president to fatten his own cattle on feedlots which the Foundation had set aside as drought relief lots for destitute peasants.



Rowan Cronjé...
Bop's
Bwana-in-chief.

IF THE GRAVY TRAIN that is Bop appears to be crewed up largely with Rhodesians, its guards and signal men are for the most part South Africans.

Bop Defence Force Chief Major General Jack Turner, though he himself is a former SADF soldier, having at least formally left the force before Bop independence in 1977 and his appointment as BDF Commander in Chief, heads up a force which is very largely commanded by SADF soldiers on secondment. According to sources in the Mafikeng Anti-Represion Forum, there are as many as 250 of these seconded SADF officers, effectively controlling almost every division of the Defence force - and of the Bop police.

Apparently in line with this, a Pretoria based PR company, Dixon Soule Associates (aka Q Group), were employed last year to handle Mangope's publicity after being named by ex-SADF Military Intelligence officer Nico Basson as a DMI front company.

The history of connectedness is a long one, dating from before Bop's independence. Already in 1976, Mangope asked the South Africans to train up a squad of Tswanas to form the nucleus of Bop-to-be's National Guard. Almost immediately after the initial training period the first detachments of BDF NCO's and trainee officers received specialised training in what would swiftly become their speciality and presumably *raison d'être*: counter insurgency. Even at this stage, Mangope's key advisors were whites, notably a Brigadier van der Bergh and first Defence Minister and former SADF officer Brigadier Hennie Rieckert.

Since then the BDF has grown to be by far the most powerful of the homeland

armies. It is divided into six regions, and boasts among other things an airborne Special Forces unit, as well as a number of Alouette helicopters, Helio Couriers and a number of high-speed aircraft, not however dedicated as fighters.

Along with this the BDF boasts a crack squad of paratroopers trained since 1986 by the SADF's elite 1 Parachute Battalion in Bloemfontein, as well as a largely SA trained 600 strong National Security Unit, which was tightly linked into PW Botha's total onslaught National Security Management System.

In assessing the force the SA Defence Review remarked that in view of the continuing connections with the SADF, "it is difficult to view the BDF as an independent unit, and for the purposes of reintegration it is best seen as part of the SADF."

In a similar way the legislation which it protects and ensures - an Internal Security Act which retains most of the features of PW Botha's prototype - should also not be seen as *sui generis*. With powers of banning still being exercised against such groups as the Black Sash; with at least five political prisoners still languishing in jail; with six University of Bophuthatswana students due to stand trial yesterday on charges related to furthering the aims of the ANC; with Unibo closed down last week until further notice; with Cosatu banned as a "foreign" organisation; with 16 political trials involving more than 200 accused still in progress; with opposition political organisations still unable to organise; it reminds one a lot of South Africa.

South Africa in what some people clearly remember as the good old days.

Webster: hier kom dalk 'n blikwurms

Die Wits-antropoloog en menseregte-aktivis David Webster is op 1 Mei 1989 voor sy huis in Troyeville, Johannesburg, met 'n haelgeweer doodgeskiet. Drie en 'n half jaar later is daar nog nie vasgestel wie die moordenaar(s) was nie, maar die nuwe geregtelike ondersoek wat Maandag in die Witwatersrandse Hooggeregshof begin, kan ons dalk nader aan die waarheid bring, skryf **IVOR POWELL en CHRISTELLE TERREBLANCHE**

DIE Webster-trust het altesame 48 mense gedagvaar om in verband met die moord getuie te lewer. Onder hulle is drie mans wat in 1988 saam uit die polisie bedank en by die BSB aangesluit het as lede van die buro se Distrik Ses-eenheid: Staal Burger, Chappie Maree en Ferdi Bamard.

Bamard is op 31 Oktober 1989 in hegtenis geneem in verband met die Webster-moord. Nog 'n BSB-agent, Slang Van Zyl, is op 7 Februarie 1990 weens die moord aangehou. Albei is later vrygelaat.

Nog 'n interessante getuie is Namibia se adjunk-kommissaris van polisie, Jumbo Smit. Smit was die ondersoekbeampte na die BSB-agente se operasies in Namibia en die moord op die Swapo-aktivis Anton Lubowski, wat ook lyk na 'n BSB-operasie.

Adv Martin Luitingh van die Johannesburgse Balie gaan moontlik ook gevra word om te getuig oor 'n verklaring deur 'n BSB-operateur dat Bamard teenoor hom gespog het dat hy Webster vermoor het. 'n Wes-Randse sakeman wat sê Bamard het dit ook teenoor hom gesê, kan ook gevra word om te getuig.

Die besturende direkteur van die BSB, Joe Verster, wat eers heftig ontken het dat die BSB vir die moord verantwoordelik was, het voor die Harms-kommissie onder kruisverhoor erken dat dit al die tekens van 'n BSB-operasie dra. Brig Floris Mostert van die Brixtonse Moord- en Roofteenheid het maande voor die eerste kommissie-sitting reeds verklaar dat hy betroubare bronne het dat die BSB vir die moord aanspreeklik gehou kan word. Maar voor die Harms-kommissie het hy gesê hy is redelik seker dat dié lede wat in hegtenis geneem is, nie verantwoordelik was nie.

REGTER LOUIS HARMS het in sy verslag bevind dat die "BSB niks gedoen het om dié suspisie (dat hulle Webster vermoor het) uit die weg te ruim nie".


Ander teorieë oor die Webster-moord sluit in dat "regse" elemente, 'n Mosambiekse Renamo-konneksie, 'n dwelmkonneksie asook "spioenasie-bedrywighede" van die Johannesburgse stadsraad vir die sluipmoord verantwoordelik sou kon wees.

In 'n omvattende ontleding van die Harms-kommissie se verslag, getiteld "Who Lied", sê die Onafhanklike Raad van Ondersoek na Informele Verdrukking: "Brig Floris Mostert het onder eed verklaar dat hy betroubare inligting het dat die BSB


WAT WEET HULLE VAN WEBSTER?



Ferdi Bamard



Staal Burger



Chappie Maree

verantwoordelik was. Toe die kommissie die aantygings probeer opvolg, is gevind dat al die relevante dokumentasie óf vernietig óf weggesteek is deur BSB-lede.

Na dié verslag se uitreiking het die polisie min of niks gedoen om die uitstaande skakels op te spoor nie. Nou word bespiegel dat nuwe getuie wat in die komende hofsak voorgelê sal word, die spreekwoordelike blikwurms kan oopmaak waarvan die implikasie baie verder kan strek as net die Webster-sluipmoord self.

Dit is nie bekend of dit betrekking kan hê op die BSB, of verband hou met een van die ander teorieë wat as motiewe aangevoer is nie. Min getuie bestaan egter vir die ander beweringe.

Die "regse-konneksie"-teorie berus hoofsaaklik op die bewering in 'n handgeskrewe brief kort na die moord, deur rasse-moordenaar Barend Strydom, dat Wit Wolwe vir die moord verantwoordelik kon wees. Die polisie het glo niks opgespoor om die getuie te staaf nie.

Die Renamo-teorie hou verband met gissings dat Webster tydens antropologiese werk in die Kosibabai-omgewing kort voor sy dood op inligting oor drie mobiele Renamo-kampe afgekom het, wat op verbintenisse met MI gedui het.

Webster se naam het ook in 1990 opgeduik in die Hiemstra-ondersoek na spioenasiebedrywighede van die Johannesburgse Stadsraad, wat glo gebruik

is om "linkse individue en organisasies" op te spoor. In dié kommissie se ondersoek het dit bekend geword dat Webster se aktiwiteite dopgehou is.

In Maandag se ondersoek sal die staat deur adv Jannie van Vuuren van die Kaapse prokureur-generaal se kantoor, bygestaan deur adv André de Vries, verteenwoordig word. Adv Piet Coetzee tree vir die Suid-Afrikaanse Weermag op, maar die polisie sal nie in die hofsak verteenwoordig word nie.

Adv Eberhardt Bertelsman tree vir die David Webster Trust op saam met adv Gys Rautenbach. Die opdraggewende prokureur is Greg Nott van Bell, Dewar en Hall.

Die regter is MS Stegmann.

Oeps - waar's die RU-486?

DIE Franse middel RU-486, wat vroeg in swangerskappe gebruik word om 'n abortus te bewerkstellig, werk volgens 'n nuwe Skotse studie ook as 'n "na"-behoedmiddel vir vroue wat seks sonder voorbehoedmiddels gehad het.

Word RU-486 beskikbaar gestel vir gebruik ná seksomgang, kan dit die aanvraag na abortus aansienlik laat afneem, berig die *New England Journal of Medicine* dié week. RU-486 is tans net beskikbaar in Frankryk (waar dit in 1988 bekendgestel is), Brittanje, Swede en China. In die VSA is dit nog nie te kry nie.

"Mense wil graag 'n voorbehoedmiddel hê wat ná seksomgang doeltreffend werk, maklik is om te gebruik en geen nuwe-effekte het nie. Dit lyk of RU-486 aan dié vereistes voldoen," sê dr Anna Glaiser, wat die studie gedoen het. RU-486 bewerkstellig 'n abortus tydens vroeë

swangerskap deur te veroorsaak dat die embryo of fetus losgaan van die uterus-wand en uitgeskei word. Word dit egter die oggend ná seks - óf binne drie dae - gebruik, keer dit swangerskap deur te verhinder dat die fetus in die uterus-wand ingeplant word.

As ná-seks-voorbehoedmiddel werk dit beter as om die volgende dag 'n hoë dosis van die gewone geboortebepoeders te gebruik - wat dikwels naarheid veroorsaak en nie altyd doeltreffend is nie.

In die Skotse studie met 800 vroue wat seks sonder voorbehoedmiddels gehad het, is die helfte binne drie dae RU-486 toegedien en die helfte hoë dosis van die gewone geboortebepoeders. Geeneen van dié wat RU-486 gebruik het, het swanger geword nie - maar vier van die ander vroue wel. - AFP



Die blaf is veel erger as die byt

Die politieke toneel die afgelope week is oorheers deur konfrontasies, aanvalle en teenaanvalle deur die belangrikste politieke rolspelers. Pure stemdikmaak vir die onthul van volgelinge, sê HENNIE SERFONTEIN, en 'n verskynsel wat in die maande wat voorlê net kan toeneem soos Suid-Afrika nader aan verkiesingstyd kom

AL DIE kruiddampe en beskuldigings ten spyte, bevestig beide die ANC en regeringsbronne dat die beplande bosberaad tussen die top-leierskap van dié twee partye die einde van die maand hoegenaamd nie in die gedrang is nie en dat dit beslis sal voortgaan.

Meyer sê aan VWB dat hy nog nie amptelik van die ANC verneem het dat hul Nasionale Uitvoerende Komitee (NEC) die notule van ooreenkoms tussen De Klerk en Nelson Mandela, die president van die ANC, goedgekeur het nie. Hy verwag egter om Cyril Ramaphosa, Sekretaris-generaal van die ANC, eersdaags te ontmoet om die reëlins van die bosberaad te finaliseer.

In Oos-Londen, tydens die jaarlikse kongres van die NP in Kaapland, het staatspresident FW de Klerk en Roelf Meyer, die minister van Staatkundige Ontwikkeling, kwaaï onder die ANC ingeklim.

In Johannesburg, tydens 'n unieke byeenkoms tussen tuislandleiers soos Mangosuthu Buthelezi, Oupa Gqozo en Lucas Mangope, en die regse leiers van die KP en die Afrikaner-Volksunie, is protesoptrede teen die onlangse ANC/NP-akkoord bespreek terwyl dié twee partye skerp veroordeel is omdat hulle "eensydige oplossings op die land wil afdwing". Inkatha het laat dié week sarkasties na die NP en die ANC as "nuutgevonde bondgenote" verwys en minister Dawie de Villiers 'n

"apologeet vir apartheid" genoem nadat hy Buthelezi gewaarsku het om nie die "go it alone"-opsie te volg nie.

Meyer verwerp bespiegeling dat die NP se aanvalle op die ANC sal lei tot ernstige probleme vir die volgende ontmoeting tussen dié twee partye.

Meyer het tydens die kongres die volgende vyf eise aan die ANC gestel:

- * Die ANC moet terugkeer na volwaardige onderhandeling;
- * hy moet sy program van massa-optrede hersien;
- * hy moet 'n aktiewe bydrae lewer om geweld te bekamp;
- * hy moet hom finaal verbind tot die ontbinding van MK en die beëindiging van die gewapende stryd;
- * en hy moet sy politieke onverdraagsaamheid staak.

MEYER SÊ: "Ek het standpunt ingeneem dat die regering geprester het soos blyk uit die notule van ooreenkoms tussen die ANC en die regering. Maar dit is baie belangrik vir die proses dat die ANC ook presteer en sy kant bring.

"Dit is daarom bemoedigend om te sien dat die ANC hom reeds verbind het tot volle deelname aan die onderhandelingsproses en onderneem het om die strategie van massa-optrede te hersien."

Dit is betekenisvol dat die ANC die opmars na Mmabatho afgelas het en 'n

besluit oor die Ulundi-opmars uitgestel het.

Dit is duidelik dat die verwoede aanval van De Klerk op die ANC net soveel op sy eie ondersteuners gerig was as op die ANC self. In 'n skerp aanval het hy gesê die ANC moet "ophou met sy nonsens", Suid-Afrikaners is "siek en sat vir die opruiende toesprake, arrogansie en onverdraagsaamheid van die ANC". De Klerk het ook die ANC se voortgesette program van massa-optrede veroordeel.

Die ANC het ewe skerp geantwoord en gesê hy laat hom nie deur die regering voorskryf hoe om politiek te bedryf nie.

DIT IS EGTER duidelik dat 'n groot deel van De Klerk se toespraak gemik was om die toenemende vrees, onsekerheid en openlike kritiek uit eie geledere aan te spreek. In NP-kringe word kaalkop gesê dat die regering te veel toegee aan die ANC en dat hy in dié proses sy bondgenootskap met Buthelezi ernstig benadeel het.

Selfs Dawie, die rubriekskrywer van die Nasionale Pers, het in 'n rare kritiese artikel selfs die NP-leierskap bevraagteken. En die rubriekskrywer van Beeld waarsku dat die NP-leiers moet waak om valse verwagtinge oor verkiesingsoorwinnings by blankes te skep. "In dié stadium moet daar liever minder wortel en meer stok gegee word."

Vanaf die kongresvloer is die twyfel weerspieël deur 'n opmerking van een

NP-afgevaardigde wat sê: "Julle gaan nêrens kom met die gatlekkery en stertswaaiery nie," en 'n ander: "As ons verder buig, sal ons ons ruggraat seermaak."

De Klerk het uit sy pad gegaan om sy ondersteuners gerus te stel dat hy nié besig is om uit te verkoop nie. Maar die alliansie tussen die drie tuislandleiers - Buthelezi, Gqozo, Mangope - en die KP is 'n ontwikkeling wat die reeds ingewikkelde en sensitiewe onderhandelinge tussen die ANC en regering verder kan kompliseer.

Dit is duidelik dat die regering nie sommer net die ANC weer kan ontmoet sonder dat veral Buthelezi tevrede gestel is nie. 'n Afgevaardigde van die Buthelezi-alliansie sal die Staatspresident waarskynlik volgende week ontmoet.

Aan die ander kant kan die alliansie met Buthelezi dalk nog De Klerk grootste politieke oordeelsfout wees. Chris Hanu van die SAKP het hom reeds beskuldig van samewerking met "ou styl apartheid-rassiste", iets wat hom verdere steun onder swartmense kan laat verloor.

BEHALWE DIE KWESSIE van amnestie, en natuurlik dobbelary, gaan geen belangrike sake in die komende kort sitting van twee weke deur die parlement bespreek word nie. Daar sal beslis geen wetgewing ingedien word om die strukture vir die eerste fase van 'n tussentydse regering te skep, soos wat die regering nog onlangs volgehou het dat hy van voorneme is om te doen nie.

Stoffel van der Merwe, Sekretaris-generaal van die NP, sê aan VWB: "Dit is nie moontlik om reeds wetgewing oor aspekte van 'n tussentydse regering in te dien nie. Hoewel ons by Kodesa en in die onlangse gesprekke steeds saamstem oor die begrip en konsep van so 'n tussentydse regering, het ons egter nog nie die detail vir wetgewing daarvoor met mekaar onderhandel nie."

Dit is duidelik dat die regering se voornemens is om voort te gaan om wetgewing oor amnestie in te dien, ondanks die heftige teenkanting van ANC-kant, wat dit as 'n eensydige besluitneming verwerp.

Van der Merwe verduidelik: "Die regering voel dit is 'n ding wat ons onmiddellik nog kan aanpak. Sodanige amnestie of vrywaring sal basies wees vir mense wat nog nie verhoor is nie. Dit slaan op alle kante van die spektrum, en is ook geldig vir die ANC, soos byvoorbeeld om iemand soos Joe Slovo vir sy dade te vrywaar. Die vraag is, moet ons nog soveel tyd oor ons veriede spandeer terwyl ons nog met mekaar oor die toekoms moet praat."

MET VERWYSING NA die spesifieke ANC-kritiek dat sulke optrede enersyds eensydig is sonder samewerking met ander partye, en dat dit andersins neerkom op vrywaring van jouself, sê Van der Merwe: "Die vrywaring gaan oor amptenare van die staat vir dade wat hulle kon gepleeg het. Dis die regering en nie die amptenare nie wat die besluit neem.

"Die ANC het egter reeds gesê dat hulle in beginsel geen probleem met 'n amnestie het nie. Met ander woorde, hulle het nie fundamentele morele besware teen wat ons wil doen nie, maar dit lyk of hulle graag die verlede wil opraap as 'n wapen teen die NP en nie sommer dié wapen wil opgee nie."

(agtergrond)

Wie flous wie?

Die ANC en die IVP in Natal leef in twee verskillende wêreldes, skryf HENNIE SERFONTEIN ná 'n reis deur die provinsie



Zoelookinders by die Shakadag-vieringe in Umbumbulu (Foto: SALLY SHORKEND)

AL is Umbumbulu en Pietermaritzburg net 70 kilometer uitmekaar, voel dit vir 'n besoeker asof hulle ligjare van mekaar verwyder is. Dis moeilik om te glo dat die ondersteuners en die leiers van die twee opponerende partye wat in dieselfde streek woon, so hemelsbreed van mekaar kan verskil in hul siening van die werklikhede op grassrootsvlak en hul aansprake oor steun.

Die ANC en Inkatha kan tog nie albei reg wees nie. Mangosuthu Buthelezi, Hoofminister van KwaZulu en leier van die IVP, en Harry Gwala, die ANC-leier in die Natalse Middellande, kan ook nie albei reg wees wat betref die steun waarop hulle aanspraak maak nie. Iemand is verkeerd - sommer ver verkeerd - en gaan polities baie seerkry.

Verlede Saterdag het Buthelezi 'n Shakadag-viering toegesprek in Umbumbulu, suidwes van Durban. Die jongste RGN-meningspeiling was toe pas bekend gemaak - 'n meningspeiling wat die IVP tot kommer behoort te stem. Daarvolgens is die IVP se sterkste steun in die plattelandse gebiede van KwaZulu, met tussen 40 en 45 persent, terwyl dit in die metropolitaanse gebiede wissel tussen 5 en 13 persent.

Die swak opkoms by die Shakadag-viering - skaars 1 200 mense - behoort die waarskuwingsklokkes vir dié party te laat lui. Umbumbulu is 'n uitgestrekte en digbewoonde landelike gebied. Op pad

soontoe ry ons by ritse pantservoertuie van die Suid-Afrikaanse weermag verby. In elk van die 10 voertuie sit 12 swaar gewapende soldate, meestal Afrikaanssprekende bruinmense. Toe ek vra waarheen hulle op pad is, roep een my vrolik toe: "Ons is op pad om Buthelezi teen die ANC te gaan beskerm."

LATER NEEM DIE KOLONNE stelling in aan die bopunt van 'n lang heuwel wat op die terrein neerkyk. Dit is langs 'n groot mobiele polisiekantoor, omring met doringdraad, wat blykbaar vir die byeenkoms opgerig is. Later sprei die voertuie in verskeie rigtings uit en die soldate sit van 'n paar honderd meter en toekyk.

In 'n stadium styg 'n polisie-helikopter op en 'n driekwartier later keer dit weer terug terwyl dit laag vlieg oor die pad en die motorkonvooi wat Buthelezi en sy entourage vervoer.

Sowat 150 hooggeplaastes sit onder 'n groot markiestent en dieres van die gehoor sit in 'n halfmaan voor die tent, so ses, sewe rye diep, baie van hulle krygers en jong vroue in tradisionele drag.

Sommige welgestelde Zoeloes daag in Mercedesse op en trek dan hul krygerdrag aan. Bo die tent wapper twee vlae: die KwaZulu-vlag en die Oranje, Blanje, Blou. Die byeenkoms word met skriflesing en gebed geopen nadat godsdienstige musiek vooraf oor die luidsprekers gespeel is.

Dis Shakadag, en Buthelezi doen sy soveelste verwoede aanval op die ANC, maar veral op die regering. Die regering is nou 'n ruggraatlose lakei van die ANC, sê hy.

Ná die toespraak lei Buthelezi die krygers in hul tradisionele danse en kyk na vertonings van tradisionele danse deur mans en vroue. 'n Stemmig geklede koor - jong vroue in wit, mans in rooi baadjies - sing godsdienstige en tradisionele liedere.

Anders as sy maats in die Wonderboom-omgewing wie se ouers staatsamptenare en professionele mense was, het Cronjé goeie vriende met kinders van blouboordjies-werkers aan die ander kant van die spreekwoordelike treinspoor gemaak.

"Om te Bop en te Ruk en Rol was absoluut verbode deur die kerk en skoolowerhede. Vrydagaande sou ek ewe stemmig by die skool aan volkspele deelneem. Maar dan het ek myself Saterdaggaande gate uit geniet saam met my Hercules-maats met Bop en Ruk en Rol.

Hy het in 'n tradisionele Afrikaner-Nasionalistiese huis grootgeword - lid van die NG Kerk, en gereelde kerkganger. "My vader was 'n Nasionalis, ou Ossewa Brandwag (OB) man, maar geen heethoof nie."

CRONJÉ GRADUEER IN 1965 aan die Universiteit van Pretoria. Maar sekerlik die belangrikste in dié tyd was sy ontmoeting met Ina Griessel, vandag sy vrou en politikus in eie reg binne die ANC se Midlands-streekraad.

In 'n lang gesprek met hulle verlede Sondagand, erken Cronjé dat sy 'n belangrike rol in sy politieke verandering van Nasionalis tot PFP- en later tot ANC-ondersteuner gespeel het.

Ina is afkomstig uit 'n SAP-huis in die Wes-Transvaal. Haar pa was 'n stoere Smuts-man, 'n offisier in die Weermag gedurende die oorlogsjare. Hy het in uniform tydens 'n diens in Pretoria uit die NG Kerk geloop toe die predikant 'n politieke preek gelewer het waarin hy mense in uniform skerp veroordeel het.

Cronjé se politieke verandering het geleidelik plaasgevind. "Daar was geen bepaalde beslissende politieke gebeurtenis in my lewe nie."

As ingenieur in Phalaborwa in 1966 word hy blootgestel aan die wyer denke van Duitse, Engelse, Hollandse en Franse kollegas. Daarna is hy vir 'n aantal jare in Amanzimtoti. Die verslegtende politieke situasie in die jare sewentig lei tot intense gesprekke onder hul vriende: Moet ons, of moet ons nie die land verlaat nie?

INA VERTEL: "OPPERVLAKKIG het ons saamgepraat oor hoe sleg dit gaan. Maar dit was nooit vir ons 'n opsie nie. Ons wortels is hier. Die 1976-opstand was vir ons 'n keerpunt. Ons het besluit dat as ons bly, ons daadwerklik iets aan die toestand moet doen."

Later daardie jaar "kom ons in Pietermaritzburg as die nuwe Boer in die plek aan", sê Cronjé. Reeds lid van die PFP vir 'n paar jaar, word hy gekies as voorsitter van die kiesafdeling Mooirivier.

Kort voor die Algemene Verkieping van 1981 word hy onverwags gevra om in Greytown, 'n setel wat die PFP nog nooit vantevore beveg het nie, te staan.

"Die PFP wou my slegs gebruik as 'n flag waving exercise om te verhoed dat die Engelse Natte teen Pitman in die grenssetel van Pinetown gaan veg. Maar ek het gedink, be damn, ek veg om te wen. Toe 24 mense uit die 100 wat ek blindweg gebel het, sê hulle sal my steun, het ek besluit om te staan."

Dit was 'n driehoekgeveg tussen die NP, PFP en NRP, die oorblyfsels van die ou Verenigde Party.

Sy opponent en die PFP self het hom geen kans gegee nie. Maar hy wen met 138

stemme en verhoog dit na 400 in 1987 en 880 in 1989 - ondanks die smerige "uitverkoop aan die ANC"-propaganda van die NP en Cronjé se eie onortodoks-radikale benadering.

VANUIT DIE STAANSPoor steur Cronjé hom nie aan die tradisionele liberale benadering nie en doen hy sy eie ding, tot skok van die invloedryke PFP-establishment. In al sy verkiesingsveldtogte - ook die 1983-referendum - vra hy vooraanstaande figure in die swart gemeenskap om vergaderings saam met hom te hou: "Hoe anders kan blankes die ware politieke situasie verstaan en begryp as hulle dit nie van swartmense self hoor nie?"

Sy medesprekers sluit in mense soos Archie Gumede, ere-president van die destydse UDF, asook leiers van die NIC en Inkatha.

'n Keerpunt vir hom was die stigting van die UDF in 1983 in Kaapstad wat hy as gas van Gumede bygewoon het. Die gebeure daardie dag en die bruisende geesdrif van 'n nuwe verenigde front oortuig hom van een ding: Dit is die begin van die laaste fase van die verzet teen apartheid.

Maar vergeefs probeer hy die PFP oortred om op een of ander wyse deel te vorm van so 'n front. Cronjé onthou nog dat Helen Suzman smalend ná die UDF se stigting opgemerk het: "It will just be a flash in the pan. Black South Africa does not have the ability to sustain resistance against the Government."

Vir Cronjé beteken dit om 'n politikus wees, al is jy 'n LP in die blanke Volksraad, meeewing op grassrootsvlak. So raak hy betrokke by die verzet van die 4 000 mense van die Trustfeed-gemeenskap wat as 'n "swart kol" verskuif moes word en vorm 'n alliansie met konserwatiewe boere om dit te verhoed.

IN 1987 IS HY EEN VAN die groep Afrikaners wat die Dakar-ontmoeting met die ANC bywoon, "maar vir my was dit nie 'n keerpunt nie, dit was net gewoonweg die normale praktiese politiek waarmee ek op 'n daaglikse basis besig was."

Die woedende reaksie van PFP-figure soos Suzman en Harry Schwarz lei tot die bedanking van Peter Gastrow en homself. Later vorm hulle saam met Wynand Malan die NDB.

Maar na die stigting van die DP in 1989 is hy in gedurige konflik met die party omdat hy die nuwe program van aksie van uitreik na groepe, veral dié wat naby aan jou ideale staan, in die praktyk uitvoer en met swartmense in grassroots-situasies saamwerk.

Cronjé glo die eksklusiewe liberalisme van die DP is uitgedien omdat die ANC presies dieselfde demokratiese ideale nastreef. "Daar is vandag geen plek in enige party vandag wat nie grassroots-ondersteuning geniet nie."

Tyd vir lees het Cronjé nie. Hy luister na Rock 'n Roll en Bob Dylan. Hy kry nie meer kans om pluimbal te speel nie, maar as hy 'n tydjie kan afknyp, hou hy van skilder, beeldhouwerk en meubels ontwerp. Hy is ook 'n bedrewe kok.

'EK HOOP DIÉ ROEM IS VERBY'

In die vier maande van die National Education, Health and Allied Workers Union (Nehawu) se hospitaalstaking het die persepsie van wye intimidasie, geweldpleging en georkestreerde massa-aksie die vakbond se optrede in die media gekenmerk. PHILLIP DEXTER, Nehawu se hoofsekretaris, gesels met CHRISTELLE TERREBLANCHE oor homself en oor die vakbond

NOU DAT Nehawu selandwye hospitaal-staking verby is, het baie mense nog geen idee van die onderliggende kwessies wat tot die voort-slepende onmin tussen die hospitaallowerhede en die werkers gelei het nie.

"Dit is meer ingewikkeld as net 'n loongrief," sê Dexter, 29, leier van die jong Cosatu-geaffilieerde vakbond vir werkers in die openbare sektor.

Tydens die staking is hy onder meer uitgekryt as 'n "communist baby killer" en is 'n aanslag op sy lewe gemaak. Nou dra hy 'n pistool en skram steeds weg van die kollig wat stellig meer op hom as die stakende werkers se lot geval het. Hy spot: "Andy Warhol het gesê elke mens kry sy 15 minute van roem. As dié myne was, wil ek dit nie hê nie en hoop ek dit is verby."

Hoewel 'n looneis die vet in die vuur was wat die werkers "spontaan" laat staak het, lê 'n maandelange dooiepunt in samesprekings oor diskriminasie in die wette op arbeidsverhoudinge en op openbare dienslewering die onmin ten grondslag, sê Dexter. Dié kwessies is nog nie bygelê nie, maar 'n tussentydse skikking is met die regering bereik wat onder meer sal verseker dat minstens 7 000 van die sowat 9 000 afgedankte hospitaalwerkers na hul poste kan terugkeer. Sowat 800 sal aftreepakkette ontvang.

Die geskil en stakings - by sowat 90 gesondheid-instellings (meestal swart hospitale) het wel 'n tol geëis: volgens die polisie is sowat 30 mense dood (12 Nehawu shop stewards), 100 beseer, 1 700 mense in hegtenis geneem en skade aan eiendom word op meer as R5 miljoen geskat.

WAS DIT DIE MOEITE werd? Dexter sê hy sou verkies het dat die staking nie plaasgevind het nie, maar hy is tevrede dat vordering gemaak is. "Soos ek van die werkers verstaan, was dit baie belangrik vir hulle om te protesteer na dat hulle twee jaar lank op die regering gewag het om iets vir hulle te doen."

Die vakbond het eers ná 'n kleiner staking in 1990 amptelike erkenning gekry en het sedertdien van sowat 10 000 na byna 80 000 lede gegroei. In dié tyd het die regering ook sy personeel-verenigings vir hospitaalwerkers nie-rassig probeer maak - wat intensiewe mededinging met werwing meegebring het.

Dit is dié wrywing op die grond, dikwels op hospitaal-bestuursvlak, wat volgens Dexter die staking uitgelok het. Boonop het die demokratiese kultuur van onderhandeling wat die groeiende vakbond in die hospitale ingedra het, volgens hom in konflik gekom met die bestaande hiërargieë.

"Ek dink hulle wou Nehawu vernietig," sê hy. "Ek glo daar bestaan 'n soort strategiese alliansie tussen die staat en die hospitaal-amptenary en personeel-verenigings. Hulle het geweet daar broei onmin en ek weet vir 'n feit dat die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) en ander provinsiale rade 'n inperking van vakbonde bespreek en voorgestaan het."

Hy glo ook dat daadwerklike stappe nie gedoen is nie weens "rassistiese" redes, want die instellings wat geraak is, was meestal swart. Die bewerings van Inkathabetrokkenheid by die organisering van vrywillige werkers en sekere hospitaal-amptenare se verskaffing van wapens aan hulle, neem Dexter ernstig op. As dit begin klink na samesweringsteorieë, hy kap terug met: "Ek sê nie die hele establishment is teen ons nie. Daar is baie mense met begrip vir ons probleme, maar daar was dié wat ons wou uitwis."

DEXTER SÊ HY HET in die eerste drie weke van die staking gewonder of die vakbond sal oorleef. Maar namate beheer oor die staking gevestig is en swart gemeenskappe en civics hulle agter die optrede geskaar het, kon hy sien die toewyding is daar om sowel die staking as die vakbond deur te trek.


Die staking is voorafgegaan deur meer as twee jaar se arbeidsonrus, veral in die Transvaal, waarin hospitaalwerkers sitstakings en betogings gehou het.

Toe dit egter na 'n paar maande van onderhandelinge blyk dat die regering homself nie as 'n onderhandelingsvennoot sien nie, en die vakbondeleiers met leë hande na die werkers moes terugkeer, het gemoedere begin opvlam.

Dexter is in Natal gebore en sê hy was bewus van rassime omdat sy familie aan albei kante van die kleurskeidslyn geklassifiseer was. Sy Britse pa se vertellings van vakbonde het ook 'n invloed op sy strewe na geregtigheid gehad. As student op Pietermaritzburg het hy by die politiek betrokke geraak en na sy weiering om diensplig te doen, het dinge warm geraak. In 1982 vlug hy landuit en het in Engeland by die ANC en SAKP aangesluit en by MK betrokke geraak.

Tussendeur het hy as bestuurder by 'n klerie-onderneming gewerk en sy studies in 1988 aan die School of Oriental and African Studies in Londen hervat. Na die omwentelinge in 1990 het hy na Suid-Afrika teruggekeer en sy filosofie-studies aan die Universiteit van Kaapstad voortgesit. Hy beoog 'n loopbaan in die akademie, maar het nietemin binne 'n jaar van 'n deeltydse werker in die Kaapse Nehawu-tak tot hoofsekretaris gevorder.

Hy was pas as die jongste vakbondeleier nog -sonder enige wesenlike ondervinding



(FOT: SALLY SHORKEND)

-aangestel, toe Nehawu-werkers se geduld met die regering opgeraak het.

Nadat vreedsame sitstakers by 'n hospitaal in Klerksdorp in hegtenis geneem is, was die gort gaar. Toe 'n klomp werkers by Baragwanath in Soweto vroeg in Junie 'n blok vir 'n sitstaking beset, het die superintendent onmiddellik gedreig om hulle inklokking te weier.

"Die volgende oggend was daar effektief 'n 'lock-out'," sê hy. Die werkers had geen keuse nie as om 'n staking uit te roep. Teen die middag het vyf hospitale se werkers gestaak en 'n week later minstens tien. Kort voor lank het dit oor die land uitgebrei en teen daardie tyd was daar talle ongevalle.

"VIR ONS WAS DIT heeltemal ongelooflik. Die media het onmiddellik van geweld en intimidasie begin praat en gesê ons het beheer verloor. Ek glo nie ons het ooit kontrole oor die situasie gehad nie. Dit was 'n spontane uitbarsting. Eers teen die derde week kon ons daarin slaag om 'n soort struktuur aan die staking te gee, uitvind wat die eise regtig was en begin met skikkingspogings," sê hy.

Hy verwerp aantygings van wye intimidasie.

Oor beskuldigings dat die staking ten koste van menselewens op 'n magspel tussen die regering en Nehawu-stakers uitgeloop het, sê Dexter: "Ons het nooddienste en kernpersoneel aangebied, maar hulle (veral die TPA) het dit geweier. As ek al die amptenare se blindelinge aantygings van intimidasie en geweld gemaak het, sou ek weens laster gedagvaar gewees het. Vir my lyk dit of die beskuldigings andersom kon wees en dat die blaam vierkantig by hulle lê."

Nou sê hy ook openlik dat hy sou verkies dat die stakings nie plaasgevind het nie. "As ek 'n bestuurder was, sou ek eerstens nooddekking verleen het deur 'n

soort onderneming met die stakers te beding. Maar wat my betref, was die onderhandelinge 'n totale sirkus. Die TPA het summier gesê hulle kan nie oor wetlike aspekte onderhandel nie, omdat dit die regering se soewereiniteit sou skend."

DIE SKIKKINGSOOREENKOMS wat nou bereik is, maak voorsiening vir prosedures om geskille tussen die provinsiale administrasies en die vakbond by te lê, hoewel dit meer betrekking het op dag-tot-dag probleme. "Ons moet nou na onderhandelinge terugkeer oor die werklike onderliggende kwessies soos diskriminerende wetgewing, maar sal verkies dat daar 'n kwalitatiewe verandering in die owerheid se aanslag sal wees.

"Dan hoef ons ten minste nie vir ons lede leuens te vertel sonder dat ons dit weet nie. Anders sal ons heeltemal uit onderhandelinge moet onttrek en ander roetes volg, wat tot ernstige arbeidsonrus kan lei." By die duisend Nehawu-lede, meestal shop-stewards, staan nog tereg op aanklagte van geweld. Dexter beskou dit as 'n poging om die vakbond se leierskap te knak.

Oor die morele kwessie - verpleegsters wat byvoorbeeld 'n eed verbreek as hul staak - sê Dexter dat dié saak ooreenvoudig word. "Ons wou nooddienste verskaf, en het nooit gesê ons onttrek ons arbeid heeltemal nie. Op 'n ander vlak hou die eed nie water nie. Om arbeid te weerhou, is 'n fundamentele mensereg, soos die reg van elke pasiënt om behandel te word. Maar as jy sê iemand mag nie staak nie, moet jy 'n soort arbitrasie of kanaal verskaf om griewe by te lê. 'n Regering wat sulke swak mediese dienste verskaf en in sommige gevalle geen dienste nie, kan nie aantygings op sulke hoë morele gronde maak nie."

(internasionaal)



Drie jong vroue, ondersteuners van die MPLA en pres Jose Eduardo dos Santos, luister na verkiesingsuitslae oor die radio op 'n strand in Luanda. (Foto: AP)

Angolese droom aan flarde

Die vrese van die laaste paar maande is besig om waar te word: Unita se Jonas Savimbi weier om die uitslag van Angola se heel eerste demokratiese verkiesing te aanvaar en dreig met 'n nuwe burgeroorlog. Maar dié keer sal hy sonder Pretoria moet klaarkom

DAAR is 'n intense diplomatieke geskarrel tussen Amerika, Rusland, die Organisasie vir Eenheid in Afrika en selfs Suid-Afrika aan die gang in 'n laaste poging om Savimbi te keer om sy leer weer te mobiliseer en die burgeroorlog van 17 jaar te hervat. Die MPLA self probeer Savimbi nou in 'n regering van nasionale eenheid betrek as hy bereid is om te erken dat hy verloor het.

Savimbi sê daar is gekul met die stemtellery. Volgens die verkiesingsraad het pres Jose Eduardo dos Santos met net meer as 50 persent voorgeloopt teenoor Savimbi se 39 persent nadat 80 persent van die stemme getel is. Die MPLA het 55 persent van die parlementêre stem teenoor Unita se 33 persent.

Die aankondiging van verdere uitslae is nou gestaak om verdere geweldpleging te voorkom.

Unita het reeds sy generaals uit die verenigde weermag onttrek en in die Bieprovincie, waar Unita sterk is, het 'n Unita-kolonel erken dat hy opdrag gegee het dat voertuie van die verkiesingsraad verbrand moet word.

Die sowat 800 verkiesingsmonitors het tot dusver volgehou dat die verkiesing en stemtellery regverdig verloop het, maar hulle het nou belowe om aanklagte van bedrog te ondersoek.

'N WOORDVOERDER VAN DIE minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, het gister op 'n vraag of Suid-Afrika weer in die Angolese stryd betrokke sal raak as Savimbi weer gaan oorlog maak, gesê: "Die antwoord is kategoriees nee. Ons het alle kontak met Jamba verbreek."

Die woordvoerder sê die Pretoria-regering het in die laaste maande bewys dat hy "die demokratiese proses in Angola steun en nie die een of ander party nie".

Hy wys daarop dat Staatspresident FW de Klerk voor die verkiesing al 'n brief aan beide Dos Santos én Savimbi gestuur het waarin hy hulle versoek om hul neer te lê by die demokratiese proses en te help om stabiliteit, versoening en vrede te bevorder.

Savimbi het steeds noue kontak en intieme vriendskappe met generaals van die Suid-Afrikaanse weermag.

Die Amerikaanse onder-minister van buitelandse sake, Herman Cohen, het die naweek in 'n boodskap oor Radio Angola 'n beroep op Savimbi gedoen om die uitslag van die verkiesing te aanvaar, al verloor hy.

Hy sê pres Dos Santos het reeds aangedui dat Savimbi 'n belangrike rol in die Angolese nasionale politiek kan speel al kry hy nie die meeste stemme nie.

- HENNIE SERFONTEIN en AFP

**SUID-AFRIKAANSE
VERDEDIGINGS-
UITSTALLING '92**



**DEXSA '92, GEBORG
DEUR KRYGKOR, SAL
SUID-AFRIKA SE
GROOTSTE EN KRAG-
VOLSTE VERDE-
DIGINGSUITSTALLING
TOT DUSVER WEES.
EN DIS OOP VIR
DIE PUBLIEK!**

**PLEK: NASREC,
JOHANNESBURG.**

**OOP DAE:
20 - 21 NOV. 1992,
VANAF 10H00.
KAARTJIES BESIK-
BAAR BY HEKKE.**

**HOU DIE PERS DOP
VIR BESONDERHEDE.**

AGTER ELKE OPLOSSING SIT 'N MEESTERBREIN.

Gebore uit oorlogsnood, het dit iets geword om op trots te wees: die Suid-Afrikaanse krygstuig-nywerheid.

Noudat daar vrede aan ons grense heers, is Krygkor in die belang van die land herstruktureer en sy vervaardigingsvermoë elders heen gekanaliseer. Maar in vrede tyd is 'n nasie se behoefte aan militêre paraatheid net so groot soos in tye van oorlog — ongeag politieke verandering. Dit is al waarborg vir vrede.

Krygkor bly dus die meesterbrein wat verseker dat die Weermag en Polisie goed toegerus is, nou en in die toekoms. Dit doen hy deur die ontwikkeling van hoëtegnologie-spesifikasies, die kontraktering van

produksie, die toets van toerusting voor aflewering en die bestuur van die onderhoudsprogram dwarsdeur die toerusting se lewensiklus. So rig en ondersteun Krygkor die plaaslike krygstuignywerheid.

Krygkor handhaaf en slyp sy vermoëns om te kan voorsien in die militêre behoeftes van al die toekomstige geslagte Suid-Afrikaners wat vrede begeer. Sonder vrede, geen vooruitgang. Maar sonder paraatheid, geen vrede.



KRYGKOR

TEGNOLOGIE AAN DIE VOORPUNT

Mosambiek staan op uit die puin

Noudat Maputo en die rebellebeweging Renamo vrede gemaak het, lê enorme probleme voor met die herbouing van die land waar meer as 'n miljoen mense in die burgeroorlog van die laaste 16 jaar gedood is en sowat 3,5 miljoen moes vlug van hul woonplekke. PAUL FAUVET doen verslag

"**DAAR** is geen winners of verloorders in dié oorlog nie," sê president Joaquim Cissano dié week met sy terugkeer na Maputo uit Rome. "Of liever: die enigste winner is die Mosambiekse mense. Dié vrede is deur die Mosambiekse mense bereik en die mense sal dit verdedig.

"Ons het ons les geleer. Oorlog moet nooit weer na ons land terugkeer nie."

Een van die eerste kwessies wat getakel moet word, is die ontbinding van die twee strydende leërs - wat binne 'n week moet geskied ná die bekragting van die volle skietstilstand deur die parlement. 'n Nuwe Mosambiekse leer gaan gevorm word, waarin 15 000 soldate van elke kant opgeneem sal word.

Die res van die troepe moet gedemobiliseer word - en niemand weet presies hoeveel daar is nie, want nóg Renamo nóg die Mosambiekse departement van Verdediging wil sê hoeveel vegters hulle het. Daar word egter geskat dat tot sowat 30 000 soldate nou in die burgerlike samelewing opgeneem moet word. Dit sluit talle seuns in - sommige maar net 10 jaar oud - wat vir Renamo geveg het.

Almal moet kos kry, vervoer na hul tuistes en 'n werk - maar bitter min van hulle sal in die stede werk kry.

Grond, saad, lanbou-implemente en kos word benodig om die meeste aan die lewe te hou totdat hulle as boere hul eerste oes kan inbring.

Albei kante het hulle ook verbind tot die ontbinding van gewapende splintergroepe. Renamo se voormalige tweede-in-bevel, Gimo Phiri, wat die Mosambiekse Nasionale eenheid-beweging (Udemo) gevorm het, beweer hy het 3 000 gewapende manne naby die grens met Malawi en eis dat hulle in die nuwe leer opgeneem moet word.

In die noordelike provinsies Zambezia en Nampula is daar 'n groep kleinboer-vegters ("Napramas"), wat 'n wankelrige alliansie met die Mosambiekse regering gevorm het. Hulle veg met spiese en boë en voer rituele uit om hulle bestand te maak teen koeëls.

Daar is geen waarborg dat Udemo of die Napramas hul wapens gaan neerlê nie.

DIE SMOKKELHANDEL in gewere is nog 'n probleem. Talle drosters het met hul wapens weggegaan en swak betaalde soldate verkoop hul gewere aan kримinele. Heelparty soldate wat reeds gedemobiliseer is, het ook hul gewere behou. Een plan is

nou om kos of geld vir dié gewere te verruil.

Die algemene verkiesing wat volgens die vredesooreenkoms binne 'n jaar ná die skietstilstand gehou moet word, gaan baie voorbereidingswerk kos. Die bevolking is sowat 67 persent ongeletterd en het geen ervaring van veelparty-verkiesings met geheime stembriewe nie.

Bloot om die kiesers te bereik in dié land met sy verwoeste paaie en brûe en tekort aan voertuie, gaan talle hoofbreukens oplewer.

Om die kiesers te registreer, gaan die regering nou 8 000 brigades van vyf mense elk vorm. Hulle moet só saamgestel word dat dit sowel die heersende Mosambiekse Bevrydingsfront (Frelimo) as die opposisie-groepe tevrede stel.

Sommige van die pas gevormde opposisie-partye vrees hulle sal nie toegelaat word om verskiesingsveldtogte te voer in gebiede wat deur Renamo beheer word nie. Chissano het egter dié week onderstreep dat die vredesooreenkoms politieke vryheid landwyd waarborg: "Alle partye - ook die Frelimo-party - mag politieke werk in alle gebiede doen."


Die Mosambiekse regering sê aan buitelandse ambassades die verkiesing sal sowat 80 miljoen dollar kos - waarvan die regering net vyf persent kan gee.

Om fondse te kry vir die herbouing van Mosambiek het die voormalige vyande ingestem dat 'n konferensie van skenkerlande binne 'n maand in Italië gehou word. Geld is nie net vir die verkiesing nodig nie, maar ook vir die hervestiging van die mense wat deur die oorlog en droogte gedwing is om van hul woonplekke weg te trek. Daar is sowat 2 miljoen vlugteling binne Mosambiek en nog sowat 1,5 miljoen buite die land se grense, talle in Suid-Afrika.

Boonop is Mosambiek met sy 15,6 miljoen mense vandag een van die armste lande ter wêreld - in 1990 was die bruto nasional produk net 80 dollar per kop. *

Hoe vreedsaam die huidige skietstilstand is, is onseker. Dinsdag het Renamo drie vragmotors met Suid-Afrikaanse bestuurders aangeval. Twee bestuurders is doodgeskiet en die derde aangerand en beroof - al het Renamo en Frelimo ná Sondag se vredesooreenkoms in Rome beloof om al hul vegters aan te sê om onmiddellik op te hou veg.

- AFP



In die land geteister deur oorlog en droogte wag duisende mense nou op hulp van buite. (Foto: HAMILTON WENDE)

DIE TWEE TEENPOLE

DIE toenadering tussen Maputo en die rebellebeweging Renamo volg op president Joachim Chissano se wegbeweging van 'n streng Marxistiese beleid. Renamo, wat deur die destydse Rhodesiese Intelligensiediens gestig en tot met die Nkomati-akkoord van 1984 deur die Suid-Afrikaanse regering gesteun is, het altyd beweer hul stryd is teen die "Marxistiese-Leninistiese diktatorskap" in Maputo.

Afonso Mecaço Marisetta Dhlakama is al sedert 1979 leier van Renamo, wat deur die wit heersers van Rhodesië geborg is om Zimbabwiese nasionaliste te beveg wat uit Mosambiek toegeslaan het. Die 39-jarige Dhlakama, seun van 'n Mosambiekse stamkaptein, is 'n vurige voorstander van die stamstelsel.

Hy is aan 'n Rooms-Katolieke skool onderrig en wou 'n priester word, maar sy pa het dit teengestaan. Anders as ander rebelle-leiers van Afrika het hy geen buitelandse opleiding ontvang nie.

Hy was 'n kort ruk in die koloniale leer onder Lissabon se bewind voor hy hom twee jaar lank geskaar het by die Mosambiekse Bevrydingsfront (Frelimo), wat in 1975 die mag oorgeneem het.

Kort voor onafhanklikheid het Dhlakama Frelimo verlaat en beweer die beweging word deur Moskou beheer. Hy het onderleier van Renamo geword en in 1979 die opvolger van die voormalige leier, Andre Matsangaissa, wat in die burgeroorlog dood is. Onder Dhlakama het Renamo, wat op 22 000 vegters aanspraak maak teenoor Maputo se 58 000 troepe, 'n bloedige rebellie gevoer wat deur uiterste wreedheid gekenmerk is. Meer as miljoen mense is gedood en sowat 3,5 miljoen uit hul woonplekke verdryf en aan hongersnood blootgestel. Renamo het groot dele van die suidooste van Mosambiek beheer.

CHISSANO HET die Marxistiese president Samora Machel, wat in 'n vliegcramp oorlede is, op 3 November 1986 opgevolg en 'n diplomatieke koordans tussen die Ooste en die Weste begin uitvoer.

Die 53-jarige Chissano, wat uit 'n ryk boeregesin kom, was in die destydse Lourenço Marques op skool en het toe in die medisyne gestudeer in Lissabon, Frankryk en Swede.

Soos Dhlakama het hy hom later by Frelimo aangesluit om vir onafhanklikheid te veg. Hy praat Portugees, Swahili, Engels en Frans vlot en het Frelimo se reisende ambassadeur geword en na die beweging se finansies omgesien. Hy het deelgeneem aan die onderhandelinge met Portugal wat gelei het tot Mosambiek se onafhanklikheid op 24 Junie 1975.

Chissano was premier van die voorlopige regering van September 1974 tot Junie 1975 en toe 11 jaar lank minister van buitelandse sake. Hy was die derde hoogste in Frelimo, wat die enkele regerende party geword het, totdat hy Machel vervang het.

In dié jare het hy al sy diplomatieke vaardighede gebruik om bande met die Westerse magte te behou, ondanks teenkating van die streng Marxiste in Frelimo.

Sy beleide het gelei tot die begin van onderhandelinge met Renamo in Rome, waar hy Dhlakama op 23 Augustus verlede jaar vir die eerste keer ontmoet het.

MAPUTO:

The Boers are back in town

The Vaalies may be brash - but their money is welcome in Mozambique, where the economy is slowly coming back to life in spite of the ravages of a long civil war, writes HAMILTON WENDE

MAPUTO. On the terrace of the elegant Polana hotel. The blue sky shimmers overhead. Wind gently rustles the fronds of the coconut palms. In the distance, a cargo ship cuts smoothly across the bay.

"Hey, hey, hey, hey, hey, I wanna 'nother brandy and coke, man!"

The waiter sighs, turns around and walks to the other end of the terrace. The Boers are back in town - on a cut-rate R800-odd weekend at the Polana. The polished marble floors of the foyer are squeaking with the sound of velskoene, the elegant wood-panelled cocktail bar is filled with a bewildering montage of white knee socks, pink shirts, and video cameras.

There's much talk about rugby, agreement is reached over the stupidity of the "bladdy ANC", and, finally, the unappetizing spectacle of white South Africans on a package holiday is brought into humiliating relief (for other white South Africans present) when the alleged wit of the company raises his brandy and coke to the light and solemnly declares: "Black is beautiful!"

It is an ugly thing to look into the mirror of another person's perceptions and see yourself reflected there. I understand now why Capetonians and Durbanites react so viscerally when they see the dreaded "T" number plates - the reflective yellow peril parking its way bumper to bumper along their beaches.

Still, it was not long ago that Mozambique was in the process of nationalising itself back to the Stone Age, and, for many people, bitter memories of Marxist economic mayhem still linger among the crumbling mansions and boarded up department stores on Maputo's once-elegant promenades. Now, at long last, there are welcome signs that the economy is, despite the civil war and the drought, coming back to life - and a significant percentage of that is due to an influx of South African money. So for now, Vaalies (and others) with their hard currency redbacks are more than welcome in Maputo.

DON'T TRY TO take their daughters out, though. One evening, three of us hit the town, trying to look as Eurochic as possible. You know the look: faded Levis,



The polished marble floors of the Polana Hotel's foyer are squeaking with the sound of velskoene these days. (Pic: HAMILTON WENDE)

striped Pierre Cardin shirt, tasseled patent leather loafers... well, not quite, but, at least, not as if we come from the David Hall-Green Cultural Sensitivities Club.

After a mindblowingly good steak dinner at a restaurant that had been closed for the last fifteen years and only recently reopened, we decide to go to a disco.

If there is a pot of gold at the end of the rainbow coalition then the Club Buzio on the Avenida Julius Nyerere is it. The Buzio is the rockiest disco south of the Dubai Hilton, and all the new haute bourgeoisie of Maputo are there, decked out in their finest. The upside of 500 years of colonialism and its resultant racial mixing is that it has produced some of the most beautiful people in the world, and Mozambicans generally seem to have no hangups about race. African, white, Asian, whatever, it doesn't matter a damn here, are rocking the night away without a care in the world - other than who is absoluuuutely the coolest.

I notice none of the white knee sock brigade is here tonight. Perhaps they are watching reruns of the highlights of the Currie Cup final on the fuzzy M-Net in their hotel rooms. I don't think they serve brandy and coke, anyway.

The three of us don't have anything in common with that lot anyway, right? Right. Dave, the bravest of us, and the only one who's ever been to Idols, walks up to the prettiest girl in the place. Would you like to dance? he asks.

Nada damn, amigo. Have another Castle, only 3 000 Metacais. It's the same story for all of us. Forget it. We don't know you from Pik Botha. The message is clear: you're welcome here, but on our terms.

MOZAMBIQUE, LIKE the rest of Africa, is filled with ironies that defeat even the most conscientious moralist. The country is on the brink of emerging from the longest civil war in Africa's history, with its rebels, Renamo, possessing probably the most execrable record on human rights west of Phnom Penh, and who supplied them with the weapons to commit all these crimes? The Rhodesian army and the SADF, of course. And there are still a number of rumours going about the country claiming that Renamo soldiers are being trained in secret camps where there are white officers. The Nkomati Accord aside, surely, you would think, things would be just a teeny bit tense when one or two of these ex-combatants show up, cap in hand, saying:

"Ekskuus baas, maar ek soek werk..."

Quite the opposite. "We use almost only South African pilots for our operations," says Roger Ruffy, head of the International Committee of the Red Cross, and co-ordinator of a massive airlift of food and medical supplies to starving Mozambican refugees. "They know the country and the conditions better than anyone." He smiles wryly: "After all, they know the country from the old days."

Ah yes, and before that, the real good old days. Prawns, lazy afternoons in the sun, Laurentina beer, LM Radio... happy days are here again. Well almost: "Mozambique still has a long way to go," says a foreign diplomat I speak to. "But South Africans are crawling all over the country, looking for opportunities."

IN FACT, everywhere you look there are South African goods on sale: Black Label, Castle, Aquafresh, Simba chips, *The Sowetan* - Building the Nation - On Sale Here. There is a price to pay for development, and to me, it seems a pity that Mozambique's rehabilitation is so heavily dependent on South Africa. To be a victim of any type of cultural imperialism is bad enough, but to have one's country dependent on the type of people who are so crass as to stand in the bar in the Polana and shout "black is beautiful", while holding up a brandy and coke? Isn't it a depressing thought? More than depressing, infuriating? I ask a Mozambican friend.

He shrugs his shoulders. "We need investment. If the cease-fire holds, and the roads to the interior stay open so people don't starve then maybe we'll get even more investment coming in." He turns and points to a plot of land, next to the Polana, overlooking the bay. "I bought that land for \$2 000 not long ago. It's going to be worth millions soon, but it's no use looking for investment property here anymore. It's too expensive now. Inhaca and Maputo have been taken over by the South Africans."

He pauses and looks out over the sparkling blue waters of the bay. "But if you're interested," he says. "I'm putting together a great scheme for investing in beachfront property up in Vilanculos..."

SOL SE GROTESKE MONUMENT

DAMES EN LIEWE HERE,

DIE LOSSIDY!

PEARLIE JOUBERT oor die Man, die Droom en die Legende in Bophuthawatsenaam



Eat your heart out Michaelangelo... die Lost City se 25 meter hoë geskilderde plafon (Foto: Sally Shorkend)

DIT was hoogsomer. Op 'n kingsize dubbelbed lê Sollie en rondrol. Langs hom lê 'n lang, blonde, maer vrou met 'n vereksing oor haar kop. Die rooi naellak op haar duimnael is afgetjip.

Sollie droom. Hy druk sy hande voor by sy pajamabroek in, krap bietjie en maak grillerige geluide deur sy mond. Hy droom hy stamp mense van 'n vyfverdieping hoë rots af; hy droom Shawu, die Krugerwildtuin se oorle' olifant, trap op bondels middelklas mense; hy droom sy troppe koedoes jaag vir almal van wie hy nie hou nie; hy droom

van Italiaanse kandelare wat op ou tannies met pers hare se koppe val; hy droom van boikotters en kommuniste wat in 40 meter hoë oerwoude verdwaal; hy droom gholfspelers word deur krokodille opgevrete; hy droom troppe bobbejane steek vir dominees en sedebewakers tong uit; hy droom van enorme voëls en luiperds met lang tande.

En Sollie sweet. Sy lang, blonde, maer vrou maak haar oë oop. Sy's vies. "Blêrrie lost case," mompel sy.

Sollie droom voort. Hy droom klomp

Amerikaners kom red hom. Hulle ry almal lories en praat net oor walky-talkies met mekaar. Hy droom van Egiptiese hiërogliewe en branders. Maar dis sy branders en niemand kry asem nie omdat die twee meter-hoë branders net aanhou en aanhou rol. Hy droom van duisende mense wat in 23 miljoen liters watervalle en fonteine verdrink. Hy droom en droom en droom.

Sy lang, blonde, maer vrou, teen dié tyd al lekker kwaad, staan later op om te gaan stort. En toe pie Sollie in sy bed - van

al die water in sy droom.

Hy word later nat en warm wakker. Sy lang, blonde, maer vrou sing: "It's a kindo magiiiiiiiic" en maak elektriese kitaar-geluide met haar mond terwyl sy stort. Sollie dog sy't hom natgegooi omdat hy so baie woel en snork in die bed. As gewoonte pie hy nie meer in die bed nie.

"Dis maar OK..." het hy gesê en weer op die balkon uitgestap. "Niemand gooi vir Sollie nat nie," sê hy. En beslis ook nie met sy eie water nie. "Ek besit dan alles," gaan hy aan met



Dié foto is in 1902 in Utrecht geneem. Dis waar Kruger moes verneem: Die oorlog is verby; Kruger se "trilomtog" het geëindig (Foto's uit: Fotoblografie: Paul Kruger 1825 - 1904, Perskor, 1973)

OOM PAUL: Die tragiese korrelkop

Saterdag 10 Oktober is sogenaamd Helledag, of soos dit vroeër bekend gestaan het, Paul Kruger-dag, die dag waarop die Leeu van Transvaal - die original - verjaar het. INA VAN DER LINDE kyk na die ou Boere-held van eens wat nou in vergetelheid begin verval

VANDAG sê geskiedkundiges die laaste president van die Zuid-Afrikaanse Republiek het irrelevant geraak vir ons huidige geskiedenis. Niemand stel meer belang in hom nie; hy's nie in die mode nie.

Maarmense soos Anna M Louw, skrywer van die historiese roman *Die Groot Gryse*, sê: "Hy bly steeds een van die interessantste figure in die geskiedenis van dié land."

En van die mees tragiese. 'n Ou man wat op 79 in 'n vreemde land as banneling sterf nadat sy oë uiteindelik ingegee het ná jare van sukkel met 'n oogsielte veroorsaak deur ooghare wat ingroei. Hy kan nie meer loop nie want swak bloedsomloop het sy bene tot twee maal hul normale grootte laat opswel. Sy longe is besig om

hom stadig dood te wurg. Sy verstand is nog helder, maar hy versink in koorsdrome oor sy jongdae toe sy besondere liggaamskrag, atletiese vermoëns en bedreweheid in die skietkuns gesorg het vir talle legendes wat vandag nog hardnekkig oorleef.

En dis nie net sy liggaam wat hom in die steek laat nie, maar ook sy drome. Drome vir 'n onafhanklike Zuid-Afrikaanse Republiek wat hom in magtelose woede teenoor vreemde verslaggewers laat uitroep: "Gaan niemand ons 'n regverdige gehoor gee nie, 'n kans om onself te verdedig nie? Ons mag verkeerd gedoen het; ons het ons foute, ons swakhede; ons het hierdie oorlog verklaar, maar ons hand is geforseer - ons kan dit bewys! Laat

iemānd tussen ons en hierdie Engeland oordeel. Ons vra geregtigheid! Geregtigheid!"

Hy worstel tot sy sterfdag in 1904 met die wete dat die oorlog feitlik sy volk vernietig het, dat duisende vroue en kinders in konsentrasiekampe gesterf het en dat die twee republieke tot op die grond afgebrand is. En dat die "rooi akkedis", soos hy Engeland noem - na aanleiding van die vorm op 'n landkaart - uiteindelik tog gewen het.

SÓ BESKRYF Poultney Bigelow, 'n Amerikaanse joernalis, die president van die ZAR in sy jonger dae: "His features, like those of most good men, are of striking size and form, and moreover, harmonious.

The mouth appears set by an act of will, and not by natural disposition. It parts willingly into a smile, and that smile lights his whole face into an expression wholly benevolent. All those who know Kruger have noticed this feature - this beautifying effect of his cheery smile."

Manfred Nathan (1941) haal 'n dr JH Hartz aan wat Cecil John Rhodes en Kruger só vergelyk: "Cecil Rhodes, who has an archangel's sweep over human affairs, whether to create or ruin... (while) that huge antediluvian monster (Stephanus, Johannes Paulus Kruger) has strayed into the world some four thousand years too late, combines the titanic will of a Cromwell, the mother-wit of a Lincoln, with the shrewdness of a Richard Croker, and the education of a Red Indian."

'n Man met 'n skerp verstand en geweldige geheue.

Nog 'n joernalis skryf: "On the first occasion upon which I visited the Raad (Ou Raadsaal waar die Volksraad van die ZAR gesit het) I saw Mr Kruger... rise and roar in his deep big voice at the meeting and almost break the table with his violent thumps upon it. I thought that something very important must be under debate, but was told that they were merely debating whether some minor official's salary should be cut down or increased! Mr Kruger is always emphatic upon whatever subject he speaks. But when he wishes to really enforce a point he comes round to his great stock argument that the independence of the country would be endangered if what he wishes is not agreed to. This is unflinching, but must surely now be getting a little threadbare."

MAAR OM TE BULK en op die tafel te slaan het skynbaar gehelp en Kruger kon sonder teenspraak van "my amptenare, my burgers, my land en my Volksraad" praat. Net een keer is hy glo sprakeloos gelaat - toe een van sy huishulpe dié boodskap bring: "Baas, Baas, die oumissies sê jy moet dadelik kom. Iemand het al die biltong van die kleredraad afgesteel."

Kruger het onmiddellik sy stoofpyphoed opgesit en die Raadsaal verlaat.

Sy ondersteuners in die raad was bekend as "ja-broers". Soms het hy hulle vooraf gebied dat wat hy ook al in die Raad sê, hulle dié dag téén hom moet stem. Agterna kon hy sê hy het sy bes gedoen om hulle te oortuig, maar hy is met stemme verslaan.

Die ander groep in die Volksraad was die teenstanders onder Piet Joubert, en dan was daar 'n derde groep, naamlik die "progressiewes", wat bestaan het uit ryker en meer gesofistikeerde, beter geleerde Afrikaners.

Een van dié was die digter/joernalis/skrywer Eugène Marais. In *Die Groot Verlange* vertel Leon Rousseau dat Marais die Volksraadslede as takhare beskou het wat die land met verwaandheid regeer: Die lede wat reënmaak-eksperimente wil verbied omdat reën net van die Here mag kom; die lede wat sprinkaanbestryding verdoem omdat sprinkane 'n besoek van die Here is; die lid De Beer wat dreig om na Damaraland te trek as nog spoorweë gebou word; die lid Taljaard wat beswaar maak teen die gebruik van die woorde

"participeeren" in die Volksraad omdat hy dit nog nooit in die Bybel gesien het nie en dit dus nie Nederlands kan wees nie; die President, wat dans as Baaltdiens afkeur, maar sonder blik of bloos 'n staatslening van 7 000 pond teen minder as die helfte van die heersende rentekoers aanvaar.

MARAI RYG DIE skandale uit, soos dié oor elf Raadslede wat met nuwe spaaiders rondry. Ene baron Oppenheim het glo geld voorgeskiet vir die spaaiders. Van die vernaamste besware is gemik teen Kruger se konsessiebeleid. Hiervolgens word die monopolie om 'n bepaalde produk te vervaardig of daarin handel te dryf, teen betaling aan individue gegee.

Net sulke ernstige kritiek kom teen Kruger se beleid om hoofsaaklik Nederlanders in staatsposte en veral in die belangrikste staatsposte, aan te stel. Hollander 1 aan Hollander 2: "Wil jy my sê jy's al ses uur in die land en jy't nog nie 'n staatspos nie?"

Staatsposte vir Hollanders, konsessies vir Jode: David Benjamin, Alois Nellmapius, Sammy Marks en les bes, E Lipperd, wat die land se totale dinamietproduksie monopoliseer. Maar die Landszoonen, soos Kruger gebore Transvalers noem, is selde geleerd genoeg. En Kapenaars, al woon hulle al twintig jaar in die ZAR, is volgens hom polities onbetroubaar.

Dan was daar natuurlik die jare lange vete tussen Kruger en die Hooggeregshof. In 'n stadium het hy die hoofregter, Kotzé, summier afgedank omdat hy sekere besluite oor uitlanderstemregas onwettig ingevolge die Grondwet verklaar het.

Wat die swart bevolking betref, het Kruger, soos ander voor en na hom, ook sy kant gebring om hul mag te breek en hul grond van hul weg te neem. Daar is die klassieke verhaal van kaptein Makgoba (na wie Magoebaskloof genoem is) wat etlike jare lank dapper weerstand gebied het teen die sogenaamde lokasiebeleid van 1888 waarvolgens sekere "lokasiegebiede" vir die swart inwoners van die gebied bepaal is waarheen hulle moes skuif om vir die wit boere plek te maak. In die proses is Makgoba se hele stam vernietig.

Nie ver van Makgoba se gebied af nie het die Balobedu reënkonigin, Modjadje, volgens oorlewering uiteindelik selfmoord gepleeg nadat ook haar mense se weerstand gebreek is.

TERSELDERTYD HET Kruger goeie vriendskappe met Indiërs opgebou. So het hy 'n Indiër-klere-maker op Brits gehad aan wie se familie hy 'n groot stuk grond gegee het. Hy was ook 'n goeie vriend van Suliman Bhayat van Rustenburg.

Volgens oorlewering het Bhayat vir Oom Paul 'n bedrag van 2 000 Britse pond geleen voor die oorlog, en selfs in 'n stadium aan hom kos en skuiling teen die Britte aangebied. Kruger het 'n groot stuk grond in Rustenburg se middedorp aan die Indiër-gemeenskap gegee, wat later onder die Groepsgebiedewet van hulle weggeneem is, behalwe vir die grond waarop die moskee tot vandag nog staan.

John Fisher (1974) skryf dat Kruger tydens sy eerste presidensiële verkiesing

'n pleidooi vir godsdienstige verdraagsaamheid gelewer het. Hy het 'n stewige vriendskap met Joodse sakemanne soos Sammy Marks en Barney Bamato opgebou. Mense vertel graag hoe hy, toe hy gevra is om 'n sinagoge te open, gesê het: "Ek verklaar hierdie sinagoge oop in die naam van Jesus Christus, onse Here, Amen" - maar dié stories is nie waar nie.

Hy het wel gesê: "Almal wat die wetten van die land gehoorsaam, is my mense. Die Jode is God se antieke mense. Ek respekteer die Joodse en ander gelowes sonder onderskeiding."

'n Ander staaltjie is ook waar. Die Joodse gemeenskap in Pretoria het by Kruger kom kla omdat die stukkie grond wat aan hulle toegeken is vir die bou van 'n sinagoge, die helfte kleiner is as die grond wat hy aan ander kerke gegee het. Met 'n vonkel in die oog sê die ou man: "Julle kry net 'n halwe stuk grond want julle het mos net 'n halwe Bybel".

KRUGER SE EIE godsdiens was vir hom belangriker as politiek. Hy was lid van die Gereformeerde Kerk hoewel die Hervormde Kerk die staatskerk was. Sommige dae het hy sommer self die preek waargeneem in die kerk oorkant sy huis in Kerkstraat - tot spyt van die gemeente, want die preke het meestal langer as 'n uur geduur.

Dit is nie maklik om te weet hoeveel Kruger se letterlike opvatting van die Bybel oorgespoel het na sy politieke lewe nie. Het hy byvoorbeeld geglo dat die tekste wat hy in sy politieke argumente aangehaal het, werklik van toepassing was op die saak onder bespreking? Toe hy 'n voorstel dat 'n sensus gehou word, opponeer op grond van die straf wat God aan Dawid gegee het omdat hy die mense getel het, het hy werklik geglo dit was verkeerd om die werke van die Here te tel?

En toe hy geweier het dat straatposbusse in Pretoria in September 1894 opgerig word, was dit werklik omdat stedelinge nie geriewe behoort te hê wat plattelanders nie het nie? En was hy teen die modernisering van plase omdat dit "die brood uit die mōnde van my arm burger" sou neem?

Het hy werklik geglo die aarde is plat of het hy verkies om die gesag van die Bybel waaruit hy so dikwels aangehaal het te handhaaf? Hy het ongetwyfeld soms die Goeie Boek ingeroep om 'n beleid te regverdig waaraan hy geglo het hetsy weens sekere sentimente, vooroordele, of die begeerte om veilig te speel, sê Fisher. Moontlik was die belange van die Afrikanervolk voorop in die argumente, asook hoe om die volk saam te bind.

BUTE DIE RAADSAAL was Kruger se tegnieke baie en gevarieerd. Praat hy byvoorbeeld met die Uitvoerende Raad, het hy hulle dikwels in die duister gehou oor sy eie standpunt. Hulle het dikwels geglo hy verwerp hulle standpunt terwyl hy in werklikheid hul argumente wou hoor om hom voor te berei op die soort

vrae of besware wat hy in die Raad kon verwag.

Nicholas Smit, die held van die geveg van Ingogo, sê Kruger het vier verskillende tegnieke gebruik. Eers het hy geredeneer, dan het hy gestorm, en dan het hy die Bybel uitgekry en daaruit aangehaal. En as nie een van genoemde slaag nie, het hy met trane in sy oë gepleit. Smit het die viervoudige aanval onweerstaanbaar gevind.

John X Merriman, die Kaapse politikus, het gesê: "Sy groot krag lê in sy vermoë om die Woord te predik. 'n Groot aantal van die Boerebevolking het geglo die President is deur God self geïnspireer."

Ook Anna M Louw deel dié siening. In 'n onderhoud sê sy Kruger was nie net 'n man met 'n groot ooredingsvermoë en charisma nie, maar ook 'n mistikus. 'n Doppe-mistikus as so iets moontlik is. Sy eerste "besliste mistieke ervaring" was in 'n grot in die Magaliesberg en weer later toe hy geworstel het met die politieke toekoms van sy land.

Kruger se groot verdienste, sê Nathan, was dat hy 'n klein, worstelende



Sover bekend, is dit die eerste foto wat van Paul Kruger geneem is. Dit is in 1855 in Kruger se 30e jaar geneem, toe hy die kommandant van die Rustenburgse distrik was

gemeenskap, in talle opsigte verskeurd, kon saambind in 'n republiek. Het die Afrikaner in klein, verspreide groepies bly leef, sou hulle ondergegaan het. Terwyl verskeie geskiedskrywers toegee dat die Boere-oorlog nooit moes plaasgevind het nie, besef hulle ook dat Paul Kruger se konsep van 'n verenigde Suid-Afrika nie veel verskil het van dié van die mees verligte Engelse onder sy tydgenote nie. Was dit hom beskore om met iemand met 'n wyer visie soos sir George Grey te onderhandel, in plaas van mense soos Milner en Chamberlain, sou die oorlog nooit plaasgevind het nie.

(fiction)

Stubby Hands by Etienne van Heerden

'Come,' said the safari suit, moving to the cupboard in the corner of the classroom. The safari suit knew he didn't like maths; took out the thin yellow cane. It grated against the cupboard door. $x=x$; so what?

He got up from his desk, his hands sweating.

Maths is an irrelevant language, the shuffle of empty signs.

He stepped up to the table. The smell of chalk hung around the blackboard.

'Bend over.'

Maths stank of chalk and the sour smell of school benches. It scabbled with the safari suit's crooked writing on the blackboard.

He knew how he looked to the others at their desks: comical, with his head near his shins, elbows against his kneecaps, grey school pants stretched tight over his bum.

Whack. Wasn't there something wrong about making x equal to y and then proving it? Whack. Pain comes from nerves. Tell your nerves to lie. Whack. Soon you felt bugger all. Whack. It always worked. He said to himself: Lie, bum nerves, lie. Whack.

'Right.' Four. Only four. Hmph.

The thin cane was stowed away. The cupboard locked. His bench creaked as he sat down.

This morning with the group at the dam. Ploops, ploops, they threw pebbles into the water. Ploops fell the prayers in the wide dam of God's eye.

He'd planned to do his maths homework after the meeting. But then the Spirit came over their group and he was nearly late for school. He missed the school bus and had to race along on his bike. He had only just made it to the bicycle rack by the time the siren on the school hall started to wail. In a flash he was in the classroom, the classroom where the blackboard was so nice and clean in the mornings.

But in no time characters scabbled about all over it. Spiders weaving webs in his brain. Woven in until he writhed like a caterpillar in a cocoon. No air. So muggy. Whack, whack - Sir was caning Uiltjie too. This morning at the dam Uiltjie had prayed: Dear Lord, bless our school... and inside the cocoon you could hardly move. And it was stuffy. And the sour stench of years of sandwiches, half-rotten apples, sweaty hands and ink rose from the school bench.

At the top left on just about the only vacant spot on the surface of the desk, he had carved his initials with his compass. 1970. R.I.R. To the right under his own name: 1921. T.d.T., and: 1947. S.v.H. and P.v.d.M. 1915. And Peet van der Merwe, who had sat in this desk in 1915, his name was on the roll of honour of old boys who had fallen in the War. There his initials would remain until the siren announced break-time. Until the weekend, until the December holidays, until the Second Coming for that matter...

'Riaan.'

If the teacher wasn't so dedicated, so conservative and dreadfully grey in his safari suit, he might have thought: You are Satan, you with your godless formulas. You with your long yellow cane. Your red insatiable ballpoint. Your chalk. Your yellow Volksie in front of the school building. Your system. You pig. You bloody bully.

'Riaan.'

Sir stood over him and looked through narrowed eyes at the small figures he'd doodled between diagrams in his maths book. Jesus on the cross. Ripples on the surface of the dam. A Volkswagen smashed into a wall. He'd always been good at drawing.

'Riaan.'

He couldn't be caned twice in one hour's lesson. Shame on you, safari suit.

Beyond the windows, poplar trees clapped their hands. Jesus saves, Jesus saves. He had put the sticker on his suitcase. Jesus is Lord. Teachers gave it cynical glances as he walked past in the school corridors. He knew they shook their heads over it. And in his report they wrote remarks about the difference between his I.Q. and his actual performance. Lacks direction, was the common refrain.

The safari suit leant over him. He smelt of shaving cream. The teacher's face was close, too close. He could smell his skin.

His homework book lay open before him, incomplete theorems creeping over the pages, gaps in-between. Oh, Lord.

The wind whistled outside. Oh, the fragrance of the Eerste River. As sweet as the earth and water and palmiet. As sweet as a girl. The river was a woman's silver arm. Absurd.

'Riaan...'

Buzz off, Sir. This morning Jesus came over the water, sandals on his feet, his face radiant. And Uiltjie, who you caned just now, still prayed: O Lord, bless the Paul Roos Gymnasium and its children, and - Uiltjie got stuck there, but the Great Spirit won - and its teachers, Lord.

The safari suit sighed and moved on to gawp over other shoulders. Over the good boys' shoulders. We are one in the Spirit, we are one in the Lord... we know that our unity will one day be restored...

The siren wailed. Thank the Lord. They stowed their books.

'Stand,' said the safari suit. They stood.

'Good morning, class.'

'Good morning, Sir.'

Once past the blackboard, the figures scurried away. On the stoep, sunlight flooded onto his face.

He made for the bicycle rack after school. He was burning with desire. But he had held out for fifteen days.

'Hey, man!' Uiltjie fell in beside him.

'Yes.'

'Old safari suit hit hard today, hey?'

'He's an arsehole.'

With their school bags in front of them on the handlebars, they pedalled out through the school gates. Over the bridge and then they were in the stream of

Bloemhof girls, with their white thighs that showed when the wind lifted school tunics. Oh, Lord, he was so full of lust.

And a couple of days later Sir said that he would have to come for extra lessons after school. In the flat with the Gé Korsten records. A Frik du Preez poster on the wall. Zane Grey paperbacks, *Archimedes* magazines, *Physical Fitness for Men*.

They sat side by side at the small table. He had to come for classes, the exams were close now. Work through theorems. Logs. Fractions. Coefficients.

And at a certain moment during the school lesson, Sir put his hand on his thigh.

'You are coming on nicely, Riaan.'

'Yes, Sir.' How sweetly the pigeons cooed in Jan Marais Park. Sir's hand with its blunt fingers. The short thick thumb. The small nails. You could measure a man's soul by his hands. That's what the gypsy in the caravan had said, looking at his hands and saying: You are an artist of a prophet. Believe in your vocation. Don't worry. Someone will die for your sake.

Oh, someone has already died, he wanted to rejoice.

Sir's stubby hands. Sir's fumbling hand on his thigh, his mathematical voice thick with figures and thick with, he thought later, wanting?

'I have to go, Sir.'

'You are coming on well, Riaan.'

'Goodbye, Sir.'

They met near the dam every morning at seven. It was misty there, deep in the mountain above Coetzenburg. The dam attracted the mist. The forehead of the Stellenbosch mountain scowled on high. He could hear their footsteps crunching as they approached over the gravelly dam wall, was so close at hand. Everything downy. Misty.

'Amen, amen,' Henry murmured.

They all bought the new paperback *Good News*. Jesus was so real, so fresh. With the guitar they sang: He made the stars to shine; I've got the joy bells in my heart; Everybody ought to know...

'No wait, Sir,' he said nervously, the shallow breath near his ear, the blunt fingers feverishly clasping his thigh.

But it was only once he was outside, past the pigeons in the park, that he could say it: He's a queer!

In the afternoons the safari suit was swapped for a rugby jersey. And then they were driven over the field, backwards and forwards. Down, back, bend, stretch, open, close, in, sang the rugby jersey. 'Come on, Riaan, you're just as useless here as you are in maths. Come on, Riaan.'

But after that afternoon in the flat, Sir never came to lean over him in class again. The safari suit avoided his eyes. He was free. Sir's blunt hands had freed him from homework, from the yellow cane, from staying afterwards for extra rugby practice.

And one day Sir said, as they filed out past the board, 'Riaan, stay behind a minute, please.'

They were alone in the classroom. The smell of blackboard chalk. Sir's fingertips white with chalk. Outside the standard sixes cheered and ran for the bus or the bicycle rack.

'Riaan...'

The safari suit wanted to see him. Over



the weekend. Stuttering, he said he wanted to talk to him. He remembered the after-shave smell, the hand. After rugby practice Sir always showered with them.

The thin yellow cane: the pleasure of the safari suit.

All right, Sir. We can meet early tomorrow morning. At seven, at the dam?

What about Saturday evening at the flat?

No, he lied, they were going away for the rest of the weekend.

Fine, Riaan, at the dam on Saturday morning at seven.

He left the classroom. The bicycle rack was already empty. Only his black fat-tired bike. Bloemhof's stream of girls had already passed. The white kneecaps, the inner thighs. In a way he could understand Sir's blunt hand. It was now thirty-two days since Henry had told the group that it was a sin. So he kept it in. In the afternoons it burnt in his throat. Then he went to the mountain road and ran until he was numb.

Tomorrow morning at seven at the dam. He grinned. Theorems and logs, yellow cane. Everybody must meet the Lord face to face.

Early, earlier than usual, he was sitting at the dam. The wind teased gently at the mist over the water. Henry came out of the mist, his three Bibles under his arm. Uil. Erna. Bibi. Piggy. Malcolm with his guitar slung sideways over his shoulder, his long hair tied back with a leather thong.

'We are one in the Spirit...' they sang softly. It was holy. Somewhere in the mist, Jesus approached, heavenly joy on his face.

'Amen,' murmured Henry. As they prayed, he bent his head over his knees. Oh, Lord, please give me the strength to persevere. I want to, Lord. Help me. 'Amen,' breathed Henry. His nose between his knees, he could smell his own skin.

When he straightened and opened his eyes, Sir, white in the face, was standing right near them. His jaw had dropped in surprise.

'Praise the Lord,' said Henry.

'Riaan...?' said Sir's eyes, and his stubby hands clutched at one another.

From: *Mad Dog and Other Stories*,
David Philip, 1992

(R35)

Vergeet van die Groot Vyf

TOP BIRDING SPOTS IN SOUTHERN AFRICA

Saamgestel deur Hugh Chittenden
Southern, 1992 (R55)

RYK HATTINGH

JY is êrens in 'n natuurreservaat. Voor jou ry 'n oop vierwielangedrewe voertuig vol rooigebrande mense met wit sunblock-room op hulle neuse en kakiehoede op hulle koppe en verkykers om hulle nekke.

Iemand wys na iets in die bos en die voertuig kom tot stilstand. Jy hou ook stil. Die ander voertuie agter jou ook... Miskien is dit een van die Groot Vyf, miskien selfs 'n kill, of renosters wat besig is om te paar, wie weet?

Soos Japane toeriste lig die groepie voor jou hulle verkykers met ge choreografeerde presisie tot voor hul oë, loer 'n afgemete paar sekondes deur

Die eerste Afrikaanse tesourus

WOORDKEUSEGIDS

'n Kerntesourus van Afrikaans
Deur P Harteveld met medewerking van LG de Stadler & DC Hauptfleisch
Southern, 1992 (R40,00)

I EWERS tussen *aaklig* en *zol* staan die korrekte woord.

Afrikaanse taalgebruikers soos studente, joernaliste (veral subredakteurs), kopie- en ander skrywers, blokkiesraaiselinvullers, leraars, politici se toespraakskrywers, digters en sommer enigiemand wat sy woordeskat wil verruim, sal verheug wees om te hoor dat die eerste Afrikaanse tesourus pas by Southern verskyn het.

Die *Woordkeusegids*, met meer as 20 000 trefwoorde, omvat die volgende kategorieë: sinonieme en verwante woorde; woorde wat dieselfde begrip of handeling weergee; woorde wat in dieselfde kategorie of klassifikasie as die trefwoorde hoort; woorde wat 'n ander logiese verband met die trefwoord het; idioome, gesegdes of uitdrukkings wat in die plek van die trefwoord gebruik kan word; en ensiklopediese inligting.

Slaan die *Woordkeusegids* na willekeur oop en lees:

mal b.nw. 1 kranksinnig, nie by sy volle verstand nie, van sy verstand af, nie heeltemal by sy sinne nie, malkop, waansinnig, besete, sinneloos, van sy sinne beroof, dol, van sy kop af, mal in die kop, van sy wysie af, van lotjie getik, versteurd, geestelik gekrenk, ontoerekenbaar, swaksinnig, maansiek, sielsiek 2 sotlik, sot, dwaas, onverstandig, sinneloos, laf, geklik, verspot, belaglik, ligsinnig, besimpeld, kens. Mal sal nooit weer dieselfde wees nie.

Die *Woordkeusegids* is maklik om te gebruik en sonder twyfel 'n noodsaaklike aanwinst op enige Afrikaanssprekende se rak.

Nuwe, aangevulde regswoordeboek

DRIETALIGE REGSWOORDEBOEK

Deur VG Hiemstra & HL Gonin
Juta en Kie, 1992 (R220)

TUSSEN *abandon* en *ywerlê* elke liewe Afrikaanse, Engelse of Latynse frase wat jy in 'n Suid-Afrikaanse hof nodig sal kry.

Die derde druk van die bekende *Drietallige Regswoordeboek* het onlangs by Juta verskyn. Volgens die skrywers bevat dié uitgawe meer woorde as sy voorgangers, veral woorde uit die kommersiële lewe.

Die skrywers sê daar is weer toegegee aan anglisismes waar daar werklik nie 'n suiwer woord te vinde is nie, soos bv "die hof is tevrede dat" vir "the court is satisfied that". In die vorige uitgawes is "oortuig" gebruik, maar dié was te sterk en akkuraatheid was die belangrikste oortuiging.

Hoewel "n klag lê" wyd gebruik word, het die skrywers egter besluit om te bly by "n klag indien" omdat dit korrek genoeg is.

Ook die woorde "vrypag" en "huurpag" vir *freehold* en *leasehold* in die vorige uitgawes is foutief, want "pag" beteken *huur*. Volgens die skrywers moet dit "eiendomsreg" en "huurbesit" wees. Sodoende bly die pagter se status as huurder ongeskonde.

Teen R220 sal dié gespesialiseerde woordeboek nie maklik op gewone sterflinge se rak beland nie, maar niemand in die regsberoep kan daarsonder nie en hulle verdien dit mos sommer voor teetyd. - RYK HATTINGH

die lense, laat sak hulle verkykers, verwissel 'n vinnige paar woorde met mekaar, buk soos een mens af, blaai met oordrewe geesdrif deur beduimelde boeke op hul skote, maak merke daarin met 'n pen, maak die boeke toe en sit weer regop terwyl die voertuig vertrek.

Jy soek nog steeds, trek jou oë op skrefies en fynkam die veld, sien niks nie en wonder wat dit kan wees. Die mense in die voertuie agter jou doen dieselfde. Iemand raak ongeduldig en druk 'n toeter. 'n Voël vlieg uit 'n boom vlak langs die pad.

Jy het miskien die spesie *voëlwaamemer* in sy/haar natuurlike habitat tydens sy/haar natuurlike gedrag - dws voëlwaameming - gesien en geïdentifiseer, maar jy het niks wyser geword nie, die voël het jou ontglip, en onvergenoegd kruie jy voort op soek na een van die ewig ontwykende Groot Vyf.

MAAR NOU HET daar 'n boek verskyn wat, saam met Roberts en/of Newman se voëlbybels, die amateur-ornitoloog se taak heelwat makliker sal maak.

Top Birding Spots in Southern Africa is 'n boek wat bedoel is om in die veld te gebruik, waarin aantekeninge gemaak en rekords van waarnemings gehou kan word. Die voëlwaamemer se eie besigtigingsrekord. Al die beste voëlbesigtigingsplekke in suidelike Afrika (127 van hulle) en die voëls wat daar gesien kan word, is in dié boek opgeneem. Die plek self, hoe om daar te kom, die habitat en beskikbare geriewe word deeglik beskryf. Inligting soos die telefoonnommers van ruskampe, voëlklubs en reservate word ook verskaf.

Die voëlinligting word in drie kategorieë ingedeel:

- Die oorsiglys van voëls wat op 'n betrokke plek aangetref word, bevat 'n gids van die mees algemene spesies wat heel waarskynlik tydens 'n kort besoek (2 - 4 dae) gesien kan word.
- Dié spesies in vet drukverteenwoordig die meer ongewone of interessante voëls wat op die betrokke plek aangetref kan word. (Die spesies word afsonderlik bespreek).
- Dan is daar ook die heel skaars spesies wat al op die betrokke plek gesien is, maar wat nie sommer tydens 'n kort besoekie waargeneem sal word nie.

Top Birding Spots, volgens 'n voëlvriend wat weet, is veral nuttig as 'n mens spesies wat nie op 'n plek voorkom nie, wil uitkakel. Onthou, daar is by die duisend voëlspees in suidelike Afrika en tot op datum is reeds 495 spesies in die Krugerwildtuin aangeteken, 358 by St Luciameer, 278 by Plettenbergbaai...

Die samesteller het ongelukkig nagelaat om die Afrikaanse name van die voëls in te sluit, maar met een van die voëlbybels byderhand, behoort dit nie te 'n groot probleem te wees nie.

Skaf die boek vir jousef aan, vergeet van die Groot Vyf, en fynkam die bome om jou.

SHELDONS

DIE BOEKWINKELMET
DIE KOFFIEWINKEL
EASTGATE, INGANG 5

plant 'n boom



Die sandkannedood - *Commiphora angolensis* (Foto: Ryk Hattingh)

WAS dit nie vir die kanniedood nie, sou die pasgebore Liewe Jesus tevrede moes wees met goud en wierook. Mirre sou daar nie gewees het nie.

Die kanniedoods of Commiphoras behoort tot die familie *Burseraceae* (mirre-familie) en die meeste van hulle lewer 'n welriekende harpousagtige stof wat in medisyne en wierook gebruik word. Die mirre waarvan in die Bybel gepraat word, is afkomstig van die spesie *C. myrrha* en *C. molimol* wat in Arabië voorkom. Die medisinale balsem van Gilead word verkry uit *C. gileadensis*.

Die meeste kanniedoods spesies (daar is ongeveer 33 wat in Suider-Afrika voorkom) is geharde bome wat op onherbergsame en genadelose droë plekke groei: aan die rand van die Namib (*C. anacardiifolia*, *C. dinteri* & *C. saxicola*), op eilande in die droë soutpanne in die noorde van Botswana en in die Kalahari (*C. angolensis*), op klipkoppies in Namakwaland (*C. capensis*), op klipveld in die kaokoveld (*C. discolor*, *C. kraeuseliana* & *C. multijuga*)...

Maar 'n mens hoef darem nie 'n dorslandbewoner te wees om 'n kanniedood te plant nie. Die gewone kanniedood (*C. pyracanthoides*) en die harige kanniedood (*C. africana*) behoort in enige tuin te aard, veral as 'n mens 'n klipperigheid of uitgediende sandput lewers het.

Die harige kanniedood, 'n struik of boom van tussen twee en vyf meter hoog met 'n gryt tot groen harige stam, is die mees algemene kanniedood in die land. Die blomme, soos dié van al die kanniedoods, is baie klein (Oktober) en die vruggies pienk-rooi en rond. Die hele boom is daarop ingestel om so min water as moontlik aan verdamping af te staan.

Dié harige kanniedood se harpousagtige gom word gebruik om 'n salf mee te maak wat gebruik word om maagkrampe te behandel. Soms word dit met vet gemeng en as geparfumeerde lysalf gebruik.

Die sagte, sappige hout en skoon takke word gebruik om valwippe vir leëus en luiperds te maak, en dié bome word ook as lewende heinings aangeplant. Die larwes van die Diaphididae-kewer, waarvan die Boesmans hul pylpuntgif maak, leef uitsluitlik op dié bome.

Dan is daar die soetwortelkanniedood (*C. neglecta*) wat so te sê oor die hele Transvaal, Swaziland en Noord-Natal voorkom. Dié boom se bas, soos dié van die meeste kanniedoods, skilfer af in papieragtige stroke. Die wortels word glo deur die Zoeloes opgegrawe en soos suikerriet geëet.

Maar miskien is die gewone kanniedood (*C. pyracanthoides*) die aangewese kanniedood vir 'n Transvaalse tuin. Hulle word tot 8 meter hoog onder gunstige omstandighede en die sagte hout word gebruik om kombuisgereedskap mee te maak.

- RYK HATTINGH

harridans restaurant

at the market, bree street, newtown

SAFE PARKING AVAILABLE

fyn proe nettie pikeur

DRINK ROSE'S LIME EN RUM BY vrugte wat soos groente smaak

HET enigeen van u al ooit piesanglikeur geproe? Glad nie 'n verskriklike dier, soos 'n sendeling in Afrika nie, hoor. Dis amper so lekker soos Rose's Lime Juice en rum. Dis wat hierdie Pikeur dié somer gaan drink, van pure verlange na sleg word op 'n eiland.

Piesangs is eilandkos, gemaak om iets mee te doen behalwe net so opeet. Gooi sy eie likeur of rum oor en flambé hom, braai in botter en bedien by gebakte bacon en eier, draai toe in skywe ham en gooi 'n kaassous bo-oor, of maak 'n Karibiese dop daarvan.

Ek lees met aandag weer hoe lekker mense op die Karibiese eilande eet. Dit klink vir my nes Inhaca in die ou dae, toe ons van vis en piesangs geleef het. En amendoa de caju. Op Jamaika, seg die Ingilsmen, is dit net so, en hulle drink natuurlik rum en eet piesangs en papajas rou as groente, en ryp as vrugte. Makes sense. En hulle kook komkommers.

Die teksture is dalk vir ons vreemd, maar daar is niks vreemds aan hierdie omkap-drinkie wat ek nou die dag geproe het en aanskomende somer in sy glorie aan almal wat wil of nie wil, gaan voorsit.

Ons Pikeurs het al lankal geleer dit help nie om te sê ons het fiesies hieroor of daaroor, of ons eet nie afval of kool nie. Die een of ander tyd kom ons voor die werklikheid van iets móét eet of drink - and then it ain't half bad after all.

So is dit met rum. Ek hou nie van die gedagte van suikerrietprodukte nie, veral nie cane en rum nie. Dit gesê, vertel die Ingilsmen my jy kan net sowel Jamaika en al die ander eilande 'n mis gee as jy nie die demon rum drink nie. En hy koop vir my 'n bottel rum sodat ek hierdie hemelse drankie kan maak.

PIESANG-DAQUIRI

TREK jou Magimix nader en haal ys uit die vrieskas. My Magimix, die Franse een, maak ys fyn, maar ek waarborg nie dat ander masjiene dit sal doen nie. As jy twyfel, draai liewer die ys in 'n vadoek toe en slaan met die koekroller fyn.

Meng verder: 60 ml rum, 1 eetlepel piesanglikeur, 1 eetlepel Rose's Lime Juice, 'n halwe middelslag piesang en 'n halwe koppie ys.

Meng vinnig tot taamluk glad, en bedien in lang glase.

Party mense maak dit ook met aarbeie. Probeer dit so, maar onthou dat die fyn geur van aarbeie verlore gaan. Dit lyk egter baie mooi.

So van Rose's lemmetjiesap gepraat - die eiland Dominica in die Karibiese See is waar Rose's vandaan kom. Daar maak hulle 'n pons van rum: 60 ml rum, 1 eetlepel lemmetjiesap, 3 eetlepels versiersuiker, 'n skeut Angostura bitters (ja, ek weet, R25 die bottel, maar dit hou darem baie maande). Meng goed en voeg ys by.

NOU DIE KOS. Een resep vir piesangs wat ek nie self gemaak het nie, maar goed glo sal werk, is groen piesangs met 'n kaassous. Groen piesangs het 'n wollerige houtsmak, nie gemaak vir eet nie. Maar dis omdat dit rou is, nie oneetbaar nie. Dit moet gekook word. Op Martinique maak hulle 'n witsous geureur met neutmuskaat, en voeg dan enige harde gerasperde kaas by. Gooi bo-oor die groen piesangs, wat jy eers in water gekook het tot sag.

Uit Guadeloupe kom hierdie ratatouille, wat hulle met komkommers maak. Die plaaslike lang komkommers kan jy net so heel opkap, maar die kort growwes moet geskil word. Vir ons smaak die komkommers nog effens vreemd, maar dit gee 'n interessante tekstuur aan kos.

RATATOUILLE CRÉOLE

VERHIT nogal baie olyfolie onder in 'n swaarboompan, en braai 1 groot eivrug, in blokkies gesny, tot bruin. Skep uit met 'n gaatjieslepel. Braai nou sowat drie koppiesvol komkommers in blokkies, 6 of 8 gekapte zucchini, 2 of 3 gekapte soetrissies, 4 groot gekapte tamaties (of 1 blikvol geskiltes), 1 teelepel suiker en peper na smaak.

Prut die groente stadig saam, en voeg die eivrug na 5 minute by. Die ratatouille moet heel bly en nie afkook tot 'n pappery nie. Voeg nog olyfolie by as dit droog begin word, of sommer 'n skoot witwyn.

Net voor jy opdis, strooi jy fyngekapte pietersielie oor.

Papaja is nog 'n vrug wat hulle op die eilande as groente of vrugte eet. Hier is 'n resep vir gevulde papaja, ek sien langwerpiges verskyn nou op die mark. Die Pikeurs is nie lief vir dié vrug, wat so vreeslik tropies smaak nie, maar óf met lemmetjiesap, óf opgekook soos groente, smaak dit darem nie so wild nie.

GEVULDE PAPAJA UIT JAMAICA

SKIL 'n groterige en nog effens groen en harde papaja en sny in die lengte deur. Plaas in kokende water en kook 5 minute. Verhit olie in 'n pan, braai 1 groot gekapte ui, 1 huisie knoffel en 500 g maalvleis daarin. Voeg by drie gekapte tamaties, 1 fyngekapte rissie of na smaak en peper en sout by. Kook tot alles mooi gaar en die vleis los is.

Plaas papajaheltes in 'n bakpan en skep die vleis daarin. Plaas 'n klont botter en 'n strooisel Parmesan op elke kant en bak vir 45 minute in 'n 180 grade-oond. Wanneer jy opskep (met rys, natuurlik) skep jy vir elkeen 'n groot stuk papaja by.

Onthou net: moet nooit vir my papaja in vrugteslaai gee nie, want ek eet nie pòpò nie.

dompel jou in die duisternis

TANITA TIKARAM - ELEVEN KINDS OF LONELINESS (TUSK)
(CD, KASSET, LP)

DIE platemaatskappy stel nie juis hul hoop op dié plaat nie. Hulle maak dit sommer dadelik duidelik dat Tanita 'n depressing young wench is en dat *Eleven Kinds* nie sommer salverkoop nie. Maar dit daar gelaat. Tikaram se jongste is ook haar beste. Die musiek is melodieus en ritmies, die lirieke vreemdsoortig en interessant (hoewel partykeer effens onverstaanbaar).

Die vrou hou nogal van booming percussion en gebruik dit gereeld. In die lied "Elephant" herinner die musiek 'n mens werklik aan 'n olifant: swaar, stadigbewegend met 'n sirkusmusiekklink om dit op te kikker.

"Trouble" laat 'n mens musikaal aan Chris Isaak se musiek dink: so 'n donker, weemoedige kitaar word gebruik. Weemoed is die vernaamste emosie wat uit Tikaram se musiek kom. Op "Heal You" en "To Drink the Rainbow" is haar stem roerend gebroke en hartseer. 'n Mens kry daar skoon 'n knop in die keel van. Die leed is amper onhoudbaar.

Die melodie van "Rainbow" is misleidend soortgelyk aan ligte Latyns-Amerikaanse/ Spaanse musiek, maar wanneer sy begin sing, stem sy jou oombliklik introspektief. Sentraal in "Any Reason" is 'n sterk akoestiese kitaar - vergesel deur 'n lekker (ek wil amper sê funky) mondfluitjie. Soos ook met "Love don't need no Tyranny", die beste snit op die plaat. Hoe musiek in mineur funky kan klink, weet ek self nie, maar die vrou kry dit reg.

Uitsonderlik aan "Tyranny", is 'n mensegil wat geleidelik verander in 'n weird and wonderful kitaarklink wat jou wegvoer - jy kan jou slegs verwonder aan wat Mark Creswell met 'n kitaar doen.

Tanita is deel van daardie nuwe geslag vroue wat hulle ding self doen: sy het al die snitte self geskryf en behartig ook die produksie van die album. Vroue soos Tori Amos, Edie Brickell, Sinéad O'Connor, Suzanne Vega en Tracy Chapman aanvaar almal groter verantwoordelikheid vir hul musikale eindproduk. Hul musiek is wyd uiteenlopend en van die beste musiek huidig beskikbaar. Tikaram skakel met gemak by dié nuwe geslag in en maak musiek op kreatiewe en oorspronklike wyse - die moeite werd om na te luister.

SON, sweet en stof in Texas, man. Wide open spaces, versengende hitte, warm wind deur jou hare terwyl jy cruise in jou T-Bird convertible - "stoned immaculate", soos Jim jare gelede gesê het.

The Black Crowes is maar onbekend in Suid-Afrika - hoewel hulle in Amerika vier miljoen eksemplare van hul debuut, *Shake Your Money Maker*, verkoop het.



Op "Salvation" hoor jy die verskil tussen 'n groep soos dié en byvoorbeeld Guns n' Roses, nog 'n uitstekende hard rock band: die kitaar is grof - nie skoon soos die klanke wat Slash uit syne tower nie.

Die enigste cover op die plaat is Bob Marley se "Time Will Tell", wat 'n mens amper - slegs vaagweg - laat dink aan The Rolling Stones se "You Gotta Move": die struktuur is los, die lied vloei amper sonder rigting voort.

The Crowes is nie intellektueel of peinsend oor die desperate toestand van die mensdom nie. Hulle maak net goeie eerlike musiek met ligte (dog nie ligsinnige) lirieke sonder enige tierlantyntjies - "float like a butterfly, sting like a bee"...of moet 'n mens eerder sê wasp?



texas radio and the big beat

THE BLACK CROWES - THE SOUTHERN HARMONY AND MUSICAL COMPANION
(TEAL TRUTONE)
(CD, KASSET)


Hul nuwe poging is in slegs agt dae opgeneem en sou oorspronklik geheet het The Southern Harmony And Musical Companion Featuring A Collection Of Tunes, Songs, Odes And Anthems From The Most Eminent Authors In The United States - maar daar is genadiglik op die bostaande korter titel besluit.

Met *Companion* is daar 'n sterk hunkering terug na die roots of rock te bespeur: Gospel/Blues. Om die klank reg te kry, het hulle twee koorsangers, Taj en Barbara Richardson, ingebring om die backing vocals te doen. The Crowes se klank is gestroop, hard en gutsy: hulle speel nie rond nie. Die kitare moan en skeer rou oor die musiek heen. Ander instrumente is 'n klavier, orrel en mondfluitjie. Alles oor 'n Big Beat, baby, vergesel deur die hoofanger se hees, effe nasale stem. Hulle doen Texas beter as Texas (moontlik omdat laasgenoemde Skots is, maar in elk geval).

En dis groovy stuff, man: op "Thorn in My Pride" hoor 'n mens 'n dartelende klavier en 'n diep kitaar - dan is daar "Bad Luck Blue Eyes Goodbye", 'n meesleurende bluesy snit met 'n slow-hand kitaar in die klassieke tradisie van The Beatles se "Oh! Darling". Die gospel-agtige backing vocals gee die song 'n volronde diepte. So ook op "Sting Me", die eerste single van die plaat af: die vroue se stemme het daardie krag en tekstuur wat jy net by gospelsingers hoor.

Op "Salvation" hoor jy die verskil tussen 'n groep soos dié en byvoorbeeld Guns n' Roses, nog 'n uitstekende hard rock band: die kitaar is grof - nie skoon soos die klanke wat Slash uit syne tower nie.

knus genestel in die tagtigs



MARIANNE GOLD - SO LONG CELESTE (WEA)
(CD)

GOLD is die hoofanger van die Duitse groep Alphaville, en dit gee mens klaar 'n goeie idee van hoe die musiek op *Celeste* klink: elektronies en nogmaals elektronies. Instrumente soos klaviere en kitare wat wel ingebring word, verdwyn so te sê onder die gedruis van synthesizers en sequencers. Hierop is die welbekende Alphaville-klank nog so sterk soos altyd: GROOT elektroniese geluide waaroor sy GROOT stem heen dreun.

So 'n nare gevoel van *déjà vu* oorval 'n mens met elke elektroniese bleep en blik. Miskien moet die nasate van die Herrenvolk-dogmatici hul liefs by die oplos van die neo-Nazi-probleem bepaal en musiekmaak los vir dié wat kan.

Hiér kry jy die beste mense

Seker die beste manier in die land om jou top-poste te vul: adverteer in Vrye Weekblad, boonop teen 'n breukdeel van die koste van 'n advertensie in 'n nasionale dag- of Sondagkoerant. Die meeste van ons lesers (89 persent) het universiteitsgrade, en meer as die helfte het twee of meer grade. Probeer dit net een keer en jy sal verstom wees met die resultate. Lille van der Walt sal jou help om dit moontlik te maak: praat vandag nog met haar by (011) 836-2151, faks 838-5901

Direktoraat: Interowerheidsverhoudinge

POS A en B: **Adjunk-Direkteurs (Finansiële Advies)** (Twee poste)
Aanvangsalaris R84 429 per jaar

POS C en D: **Finansiële Adviseurs** (Twee poste) Salaris onderhandelbaar tot R74 694 per jaar na gelang van ondervinding en kwalifikasies

POS E en F: **Assistent Finansiële Adviseurs** (Twee poste)
Salaris onderhandelbaar tot R42 849 per jaar

Pretoria

Vereistes: •'n Toepaslike driejarige graad/diploma in die Handels-, Ekonomiese of Staatswetenskappe PLUS •Uitgebreide toepaslike ondervinding opgedoen na verwerving van die kwalifikasie.

Pligte:

Adjunk-direkteurs: Finansiële Advies

POS A: •Lewer vakkundige insette vir struktuuraanpassingsprogramme ten opsigte van streekregerings •Lewer beleidsadvies rakende finansiële aangeleenthede van streekregerings aan die Minister van Finansies en departementele bestuur •Deurlopende skakeling met die verteenwoordigers van streekregerings, Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika en ander privaatsektorinstellings;

POS B: Verantwoordelik vir verskeie aspekte rakende die finansies van plaaslike regering in Suid-Afrika, insluitende: •Navorsing en berekenings oor fiskale vermoë en lewensvatbaarheid van plaaslike owerhede •Bepaling van interowerheidstoekenings aan plaaslike owerhede •Ontleding van die inkomste en uitgawe van plaaslike owerhede •Voorbereiding van memoranda, toesprake, korrespondensie en ander dokumentasie •Sekretariële dienste aan kommissies, komitees, werkgroepe, ens. rakende die bogenoemde aangeleenthede.

Finansiële Adviseurs

POS C: •Sien "Pligte" van Adjunk-Direkteurs: Finansiële Advies (POS A); POS D: •Lewer sekretariële dienste aan die Permanente Finansieskakeelkomitee •Lewer vakkundige insette aan die Permanente finansieskakeelkomitee •Lewer beleidsadvies rakende finansiële aangeleenthede van plaaslike owerhede •Deurlopende skakeling met die georganiseerde plaaslike owerhede.

Assistent Finansiële Adviseurs

POSTE E en F: •Staan bekleërs by van die poste: Adjunk-direkteurs en Finansiële Adviseurs.

Nota: Die volgende sal 'n sterk aanbeveling wees:

Adjunk-direkteurs: Finansiële Advies — POS A: •Grondige kennis en ondervinding van makro-ekonomie, staatsfinansies en projekfinansiering •'n Nagraadse kwalifikasie in die Handels-, Ekonomiese of Staatswetenskappe; POS B: •Toepaslike kennis en ervaring van staatsfinansies, plaaslike regering en/of interowerheidsverhouding •Ondervinding in die gebruik van persoonlike rekenaars •'n Nagraadse kwalifikasie in die Handels- en/of Ekonomiese Wetenskappe. Finansiële Adviseurs — POS C: •Sien Adjunk-direkteurs: Finansiële Advies (POS A) hierbo; POS D: •Grondige kennis en ondervinding van plaaslike owerheidsfinansies •'n Nagraadse kwalifikasie in die Handels-, Ekonomiese of Staatswetenskappe. Assistent Finansiële Adviseurs — POSTE E en F: •Kandidate sal indiensopleiding ondergaan •Aansoek moet op vorm Z.83 geskied, verkrygbaar van enige Staatsdepartement, en moet van gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies vergesel word.

Aansoek: met vermelding van verwysingsnommer 39669/459, aan die Direkteur-generaal, Finansies, Privaatsak X115, Pretoria 0001. Aandag: mnr. B. van Biljon.

Navrae: POSTE A, C en E: mnr. E. Mathee, tel. (012) 315-5193; POSTE B en F: mev. H. Croeser, tel. (012) 323-1585; POS D: mnr. P.R. Venter, tel. (012) 315-5159.

Sluitingsdatum: 9 November 1992.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES
DEPARTMENT OF FINANCE



POLITIEKE WETENSKAP

Senior Lektoraat of Lektoraat

Pligte: Voorgraadse en nagraadse doseerwerk en navorsing. Die Senior Lektor sal ook met navorsingsbestuur gemoeid wees.
Vakrigtings: Spesialisasie in Vergelykende Politiek en/of Internasionale Politiek en/of Afrikapolitiek word verlang.
Vereistes: 'n Doktorsgraad in Politieke Wetenskap met doseerondervinding en bewese navorsingsvermoë en publikasierekord vir die Senior Lektoraat. 'n Meestersgraad in Politieke Wetenskap met doseerondervinding en 'n bewese publikasierekord is 'n minimum vereiste vir die Lektoraat.
Diensaanvaarding: Januarie 1993. (Nota: Termynaanstellings vir 2 of 3 jaar kan oorweeg word.)
Sluitingsdatum: 30 Oktober 1992.
Navrae: Proff. Willie Breytenbach, tel. (02231) 77-2388 of Pierre du Toit, (02231) 77-3601 of Philip Nel, (02231) 77-2474.

'n Mededingende besoldigingspakket en uitstekende byvoordele is aan die pos verbonde. Nadere besonderhede is by (02231) 77-4590 beskikbaar. 'n Volledige curriculum vitae en inligting oor u huidige betrekking en salaris, asook die name en telefoonnummers van minstens twee referente en 'n aanduiding van die vroegste datum van diensaanvaarding, saam met gewaarmerkte afskrifte van sertifikate, moet gerig word aan die **Direkteur: Personeel, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X5018, Stellenbosch 7599.** Aansoekers moet hul referente versoek om so spoedig doenlik vertroulike verslae direk aan die bogenoemde adres te stuur.



Universiteit van Stellenbosch

PRONAM 3600

VAKATURES

CENTRE FOR APPLIED LEGAL STUDIES

AIDS Legal Officers

The Centre for Applied Legal Studies has vacancies for two AIDS legal officers to join its AIDS Law Project. Practitioner status and practical experience in litigation will be a recommendation, though applications from all legally qualified applicants will be considered. One post is at **Senior Research Officer** level; the other at **Research Officer** level.

Duties will include:

- conduct of public interest litigation around AIDS and HIV
- training, education and public speaking in the field, especially with unions and community organisations;
- research and writing
- policy formulation
- participation in the activities of the AIDS Consortium.

Starting date: January 1993 or earlier.

Salary will be commensurate with experience.

Applications, including a detailed C.V. with the names and addresses of 2 referees should be sent to: University of the Witwatersrand, Personnel Office, Private Bag 3, Wits 2050, or fax (011) 339-2223.

Closing date: 25 October 1992. Quote ref WM 1309.



WITS UNIVERSITY

Facing the challenges of the future today.

1309



Kuier-kuier deur die politiek

SEKER die lekkerste gesels wat daar is, is wanneer 'n spul goeie vriende ná 'n uitgerekte ete met goeie kos en lang bottels wyn terugsit - miskien met 'n laaste glas byderhand - en die debat behoorlik vlam vat oor landsake en wat hóé geïnterpreteer moet word. Daar's 'n oor en weer gestry, gemoedere loop by tye hoog, maar die stemming is net té wellewend om oor te loop in 'n ge-*vuisslanery*.

Dieselfde gevoel het 'n mens gekry met Frederik van Zyl Slabbert se nuwe politieke geselsprogram op TSS, *Slabbert on Sunday*. Bygesê: in dié geval was dit 'n groep hoogs intelligente kuieraars en hoewel alles op die oog af volkome ontspanne gelyk het (die manne het almal opgedaag in 'n "uniform" van baadjies met oopnekhemde!), kon die kyker dit nie bekostig om sy konsentrasie vir 'n oomblik te verslap nie.

Getrou aan sy advertensies die vorige week op byna elke beskikbare SAUK-TV-kanaal het Slabbert die program laat afskop met 'n persoonlike onderhoud (met die skrywer, digter en aktiewe ANC/SAKP-lid Jeremy Cronin), waarna 'n paneel bestaande uit drie deskundiges en hyself die onderhoud bespreek het.

Die samestelling van Sondag se paneel het miskien bygedra tot die onweerlegbare sukses van die program. Bill Johnson is 'n Britse akademikus met wye belangstelling in Suid-Afrika; Mark Swilling is 'n politieke ontleder, skrywer en betrokke by verskeie civic-aksies; en Harald Pakendorf is 'n bekende oud-koerantredakteur en gewese aanbieder van *Agenda*.

In sy onderhoud met Cronin het Slabbert die indruk gewek dat hy die man doelbewus nie aanval nie, maar die kans gee om sy standpunt te stel. (Die onderwerp was massa-aksie). Nadat die paneel dié standpunte "fyngehaal" het, soos Slabbert aan die begin spottenderwys na hul funksie verwys het, was dit tog hinderlik opvallend dat Cronin nie kans gekry het om op dié kritiek te reageer nie. Trouens, 'n mens sou ook graag sy reaksie wou sien op sommige van die paneeldeelnemers se argumente terwyl die debat aan die gang was. Miskien is dit die enigste

leemte in die program: dat die gas nie die kans gegun word om repliek te lewer nie.

Andersins was die paneelbespreking op sigself so deksels interessant, verhelderend en, met alle oë op die ANC ná sy uitsprake oor die voorgenome opmars na Ulundi en Bophuthatswana, só aktueel dat dit beslis na dese onder die week se top-programme tel.

* 'n Pluspunt in die program is Slabbert se aktiewe deelname aan die paneelbespreking. Hy gee sy menings en lok telkens nuwe argumente uit. 'n Mens kry dus nie die gevoel van 'n skeidsregter wat op die kant sit en fluitjie blaas nie, soos so dikwels die geval is met sulke TV-besprekings. Hier is die deelnemers ook nooit gewaarsku hoeveel tyd hulle het of nie het nie, wat bygedra het tot die gevoel van 'n rustige gesprek tussen goeie vriende.

'n Woordvoerder vir TSS het 'n paar weke gelede gesê die vervaardigers en Slabbert se doel met die program is om die gesprek wat kykers tuis oor die politiek van die week sou voer as 't ware vóór hulle te voer - net met sekere verwarrende begrippe nou beter omskryf deur deskundiges wat weet waarvan hulle praat. In dié doel is geslaag.

Naskrif: *Gaan ons darm ook swart gestigte op SOS sien?*

Seks s'nder Stoppard

Dieselfde kan nie gesê word vir die nuwe reeks van *Sex Talk* nie, dié keer met M-Net en Radio 702 se Charlotte Lavine as die aanbieder. Dr Paul, die vorige aanbieder, het miskien nie soveel TV-ervaring of uitsaai-skoling as Lavine nie, maar sy aanbieding was besonder omdat hy self 'n seksterapeut ('n nuwe "buzz"-woord?) is en daarom kon uitbrei wanneer een van die deelnemers of selfs mede-aanbieders nie 'n punt duidelik kon formuleer nie.

